




UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG

## COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION



- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.
- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

### How to cite this thesis

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: [University of Johannesburg](#). Retrieved from: <https://ujdigispace.uj.ac.za> (Accessed: Date).

EE10  
VLOP

DIE TERUGBETALINGSVERMOË VAN DIE LANDBOUPRODUSENT AS  
EVALUERINGSKRITERIUM VIR PRODUKSIEKREDIETVERSKAFFING

Jan Pieter Vlok

'n Navorsingsessay voorgele ter gedeeltelike vervulling van  
die vereistes vir die graad

Magister Commercii



in die

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

aan die

Randse Afrikaanse Universiteit.

Johannesburg  
Februarie 1989

Studieleier : Professor N.J.Smith

**Opgedra aan Ria, Leana en Pieter-Jan.**



**HOOFSTUK EEN : PROBLEEM EN DOELSTELLING**

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	2
1.3	Primere doelwit	4
1.3.1	Langtermyn inkomstepotensiaal	5
1.3.2	Produksie-uitgawe	5
1.3.3	Faktorkoste	6
1.3.4	Kapitaalstruktuur	6
1.4	Sekondere doelwit	7
1.5	Indeling van die studie	8

**HOOFSTUK TWEE : DIE KREDIETVERSKAFFINGSOMGEWING**

2.1	Inleiding	10
2.1.1	Algemene omgewing	10
2.1.2	Intermediere omgewing	11
2.1.3	Taak of spesifieke omgewing	11
2.2	Kredietverskaffingsinstellings in landbou	12
2.2.1	Direktoraat Finansiële Bystand	13
2.2.2	Die Land- en Landboubank	14
2.2.3	Landboukoöperasies	15
2.2.4	Finansiële instellings	17
2.3	Finansiële posisie van kredietopnemers	18
2.3.1	Verpligte van kredietopnemers	18
2.3.2	Welvaart van die kredietopnemers	20
2.4	Gevolge van die finansiële agteruitgang	21

**HOOFSTUK DRIE : 'N ALGEMENE OORSIG VAN KREDIETBESTUUR**

3.1	Inleiding	23
3.2	Doel van kredietverskaffing	25
3.3	Ondersoek na kredietwaardigheid	27
3.4	Kredietwaardigheidsevaluering	28
3.4.1	Karakter/integriteit	29

3.4.2	Risikodravermoë	30
3.4.3	Terugbetalingsvermoë	31
3.5	Goedkeuring en beheer van krediet	32
3.6	Kredietinvordering	32
3.7	Faktore wat kredietverskaffing beïnvloed	33
3.7.1	Groepering van die faktore	35
3.7.1.1	Netto inkomste van die kredietopnemers	35
3.7.1.2	Wisselvalligheid van landbou-opbrengste	36
3.7.1.3	Solvabiliteit van die kredietopnemer	36
3.7.1.4	Likiditeit van die kredietopnemer	37
3.8	Samevatting	38

#### HOOFSTUK VIER : BEPALING VAN DIE TERUGBETALINGSVERMOË VAN 'N KREDIETOPNEMER

4.1	Inleiding	40
4.2	Terugbetalingsvermoë	41
4.2.1	Die doel van terugbetalingsvermoë-raming	41
4.2.2	Raamwerk vir die terugbetalingsvermoë	42
4.2.3	Aannames by die raming van die terugbetalingsvermoë	42
4.2.4	Rol van akkurate data	43
4.2.5	Maatreels om akkurate data te verkry	45
4.5	Simulasie van die terugbetalingsvermoë	47
4.5.1	Inkomstepotensiaal	48
4.5.2	Produksiekoste	50
4.5.3	Faktorkoste	51
4.5.4	Kapitaaldeleging	52
4.6	Terugbetalingsvermoësimulasie-model	52
4.6.2	Teoretiese simulasie van terugbetalingsvermoë	55
4.6.2.1	Banksaldo	55
4.6.2.2	Surplus of tekort	56
4.6.2.3	Solvabiliteit	57
4.7	Samevatting	57

**HOOFSTUK VYF : DIE INVLOED VAN DIE INKOMSTEPOEN-SIAALRAMING OP TERUGBETALINGSVERMOË**

5.1	Inleiding	61
5.2	Faktore wat die netto inkomste beïnvloed	62
5.2.1	Produkprys	62
5.2.2	Volume geproduseer	63
5.3	Lewendehawevertakking	65
5.3.1	Produkinkomste	66
5.3.2	Handelsinkomste	67
5.3.3	Kapitaalverandering	68
5.3.4	Faktore wat die BPW van 'n lewendehawevertakking beïnvloed	69
5.4	Akkerbouvertakking	71
5.4.1	Waarde van bruto verkope	72
5.4.2	Oppervlakte bewerk	73
5.4.3	Opbrengs per oppervlakte-eenheid	73
5.4.4	Produkprys	74
5.4.5	Invloed van geproduseerde volume op die terugbetaalingsvermoë	74
5.4.6	Maatreëls om fisiese opbrengs te raam	75
5.4.6.1	Leweringsgeskiedenis	76
5.4.6.2	Gebiedsnorm	77
5.4.6.3	Grondklassifikasie	77
5.5	Samenvatting	78

**HOOFSTUK SES : GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

6.1	Gevolgtrekkings	80
6.2	Aanbevelings	81

<b>BRONNELYS</b>	<b>84</b>
------------------	-----------

## HOOFSTUK EEN : PROBLEEM EN DOELSTELLING

### 1.1 INLEIDING

Die totale boerderyskuld in die Suid-Afrikaanse landbou het gestyg vanaf R3 838,6 miljoen in 1980 tot R12 739,8 miljoen in 1987 (Kortbegrip, 1988:110). Hierdie toename in die totale verpligte van produsente, dit wil sê kredietopnemers, het die terugbetaalingsvermoë, ofte wel hul boerdery-onderneeming se vermoë om finansiële verpligte te kan nakom, negatief beïnvloed.

Die droër sirklus wat vanaf die 1981-landbouproduksieseisoen ondervind is, het die potensiële inkomste van produsente, akkerbou en lewende hawe, drasties verlaag. Die indeks van die volume van landbouproduksie (Kortbegrip, 1988:88), met die basisjaar 1980 gelyk aan 100 indekspunte, toon hierdie tendens duidelik aan. 'n Indekspunt van 120 is vir die 1981-jaar behaal, terwyl 1987 met 'n indekspunt van 102 die enigste ander jaar met die indekswaarde hoër as die van 1980. Gedurende 1982 tot 1985 is laer indekswardes deurgaans gerealiseer, met 'n laagtepunt in die indekspunt van 70 in 1984.

Die verlaagde produksie van produsente het die sentrale regering verplig om omvattende ondersteunende hulpmaatreëls aan die primêre produsente in te stel. Hierdie hulpmaatreëls is via die Direktoraat Finansiële Bystand van die

**Departement van Landbou, die Land- en Landboubank van Suid-Afrika en die verskillende landboukōperasies aan produsente beskikbaar gestel, met die doel om beide die ekonomiese en sosiale strukture in die landbousektor in stand te hou.**

Gedurende die droogtetydperk, naamlik die 1980- tot 1987-produksieseisoene, het verpligtinge dramaties geakkumuleer. Nog die verpligtinge wat voor die droogteperiode bestaan het, nog die verpligtinge wat gedurende die droogteperiode aangegaan is, kon vereffen word. Die totale landbouskuld het gedurende hierdie periode geakkumuleer tot R12 739,8 miljoen aan die einde van 1987 (Kortbegrip, 1988:110).

Die tweede helfte van die sewentigerjare was egter 'n bloeitydperk vir die Suid-Afrikaanse landbousektor. Die fisiese produksie was hoog en produkpryse is gebaseer op die produksiekoste en nie op die markvraag nie. Relatief hoë inkomstevlakke is gevvolglik gehandhaaf, en kapitaalvorming deur produsente was hoog (Kortbegrip, 1988:86).

## **1.2 PROBLEEMSTELLING**

Kredietverskaffing gedurende die sewentiger- en vroeë tachtigerjare is gedoen op 'n sekuriteitsgeorienteerde basis. Die solvabiliteit of risikodravermoe en integriteit van die kredietopnemer is as grondslag gebruik in

kredietverskaffing. Geen ag is geslaan op die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer in die kredietverskaffingsproses nie (Wentzel, 1984:264).

Die agteruitgang van die produsente (kredietopnemers) se finansiële posisie in die eerste helfte van die tachtigerjare het meegebring dat kredietverskaffers die kredietwaardigheid van kredietopnemers op 'n breër basis as slegs risikodravermoe moet bepaal. 'n Breër basis vir kredietwaardigheidsevaluering word deur Brigham & Gapenski gedefinieer. Brigham & Gapenski (1985:845) kyk na die volgende aspekte rakende die kredietopnemer, naamlik:

- die produksiekapasiteit van 'n kredietopnemer of sy vermoë om 'n bruto inkomste te genereer;
- kollaterale dekking wat die kredietopnemer bied om as sekuriteit te dien vir verskaafte krediet, en
- makro ekonomiese tendense wat die terugbetalingsvermoë van die kredietopnemer kan beïnvloed.

Kredietverskaffers vereis van potensiële kredietopnemers gedetailleerde inligting, finansieel sowel as fisies, van hul boerderye ten einde 'n winsgeofrenteerde benadering tot kredietwaardigheidsbepaling te kan volg. Hierdie inligting word vervat in 'n aansoek om krediet, wat die basis vorm van die proses waarin 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid bepaal word.

### 1.3 PRIMERE DOELWIT

Die primere doelwit van hierdie studie is om 'n breë raamwerk daar te stel waarmee die kredietopnemer se terugbetalingsvermoë, wat 'n onderafdeling is van die kredietwaardigheidbepaling, gesimuleer kan word. Klem word geplas op die bepaling van die kredietopnemer se inkomstekontingensiaal wat die behaalbare netto inkomste beïnvloed.

Handelsbanke, ander finansiële instellings, landboukoöperasies, die Land- en Landboubank en die Direktoraat Finansiële Bystand van die Departement van Landbou is partye wat krediet aan die landbousektor verskaf. Elkeen van hierdie instansies bepaal die kredietwaardigheid, en dus die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer. Die norme waaraan 'n kredietopnemer egter moet voldoen, verskil van instansie tot instansie.

Die volgende aspekte beïnvloed die bepaling van die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer:

- die langtermyninkomstekontingensiaal,
- produksie-uitgawes
- die faktorkoste en
- kapitaaldelegingverpligte.

### **1.3.1 LANGTERMYNPRODUKSIEPOTENSIAAL**

Inkomste binne 'n landbouproduksie-eenheid word verkry vanaf akkerbou-, vee- en ander boerderyvertakkings, plus moontlike inkomstes verkry vanaf nie-boerdery inkomstebonne (Heady & Jensen, 1964:18).

Hierdie inkomsteraming moet realisties gedoen word omdat 'n betekenisvolle variansie in produksievlake, veral met betrekking tot die van akkerbou, verkry word op 'n jaar tot jaar basis (Wentzel, 1984:264). Indien hierdie produksievlek te hoog geneem sou word, kan die inkomstepotensiaal oorskot word.

### **1.3.2 PRODUKSIE-UITGawe**



'n Produksieproses gaan gepaard met kostes, vaste en veranderlike kostes, wat aangegaan moet word om die produksieproses te kan voortsit (Heady 1974:316). Indien 'n produksieproses begin, sal daar in die terugbetaalingsvermoë-simulasiemodel produksiekoste beraam moet word.

'n Onder- of oorberaming van produksie-uitgawes beïnvloed die surplus beskikbaar ten einde die ander verpligtinge te kan nakom.

### 1.3.3 FAKTORKOSTE

Die items nodig om die produksieproses te kan voortsit deur gebruik te maak van vreemde kapitaal, dit wil sê grondhuur en die finansiering van ander vreemde kapitaal, dui op faktorkoste (Landbou-ekonomiese Begrippe, 1986:1).

Verpligte, soos byvoorbeeld die produksiekoste-oorlaatskemas by die koöperasies, wat ontstaan het as gevolg van die droogtes die afgelope sewe jaar, word ingesluit onder die faktorkoste wat verhaal moet word.

### 1.3.4 KAPITAALSTRUKTUUR



UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG

Die kredietverskaffer verkry inligting uit 'n onderneming se balansstaat om te bepaal in watter verhouding die kapitaal, verkry vanaf kredietverskaffers, in die onderneming aangewend is. Die balansstaat dui verder op die samestelling van die bates waарoor die onderneming beskik (Langhout, 1987:53).

Die aanwending van kapitaal, of die finansiering van die onderneming se bates, dui op die kapitaalstruktuur van die onderneming. Vanuit die kapitaalstruktuur kan die finansieringsvraagstuk van die kredietopnemer, wat deur onsekerheid en risiko beïnvloed word, geïdentifiseer word. Die kapitaalstruktuur verkry vanuit die balansstaat gee die finansieringsvorme weer waaruit die totale bates gefinan-

sier is (Brümmer & Rademeyer, 1982:235). Die finansieringsvorme kan kortlikks in die volgende verdeel word:

- eienaarsbelang,
- langtermynlenings en
- korttermynfinansiering.

Die kredietverskaffer kan dus die kapitaalverpligting van die kredietopnemer bepaal vanuit 'n ontleding van hierdie finansieringsvorme.

Die samestelling van bates aan die ander kant gee 'n aanduiding van hoe die verkreeë kapitaal in die onderneming bele is ten einde 'n inkomste te genereer (Brümmer & Rademeyer, 1982:237). 'n Vergelyking van die batesamestelling van 'n kredietopnemer met ander kredietopnemers wat die selfde tipe onderneming bedryf, mag dalk afwykings aantoon waarop die kredietverskaffer bedag moet wees. Die kredietverskaffer moet die batesamestelling altyd beoordeel vanuit 'n oogpunt dat die bates gebruik moet word om inkomstes te genereer.

#### 1.4 SEKONDÈRE DOELWIT

'n Sekondêre doelwit, wat voortvloei uit die versamelde data om die primêre doelwit van die studie te bereik, is om die versamelde data tot gebiedsvertegenwoordigende statis-

tiek te verwerk. Hierdie verpoelde gebiedstatistiek word gebruik in die terugbetalingsvermoëmodel, soos bespreek in paragraaf 4.6 van hoofstuk 4, ten einde te kan bepaal wat die terugbetalingsvermoë van 'n spesifieke gebied is.

Die resultate wat op hierdie wyse verkry word, kan gebruik word om:

- die handelspotensiaal vir 'n spesifieke gebied te bepaal;
- die invloed van hulpmaatreëls deur die sentrale regering te kan bepaal, en
- landboukundige diensleweringstrategieë te bepaal.



## 1.5 INDELING VAN DIE STUDIE

Die studie word beperk tot die samestelling van 'n simulasiemodel waarmee 'n kredietopnemer se terugbetalingsvermoë bepaal word in die kredietwaardigheid-evaluieringsproses. Ten einde sodanige simulasiemodel te ontwikkel is daar in hoofstuk twee gekyk na die kredietverskaffingsomgewing waarbinne 'n kredietopnemer krediet bekom. Hoofstuk drie is gewy aan 'n algemene oorsig oor die bestuur van verskaafte krediet.

Die verswakkende finansiële posisie van landbouprodusente, ofte wel kredietopnemers, het kredietverskaffers verplig om 'n winsgeorienteerde benadering te volg in krediet-evaluering (Louw, 1988:5). Die terugbetaalingsvermoë as 'n evalueringskriterium word in hoofstuk vier bespreek. Die terugbetaalingsvermoësimulasie word beïnvloed deur twee faktore naamlik :

- die fisiese volume produkte geproduseer, en
- die prys behaal vir die produkte.

Die komponent wat die grootste invloed op die bruto inkomste van 'n boerdery-eenheid uitoefen, is die volume geproduseer. Hoofstuk vyf word gevolglik gewy aan 'n bespreking van die invloed van hierdie inkomstepotensiaal op die terugbetaalingsvermoë.

## HOOFSTUK TWEE : DIE KREDIETVERSKAFFINGSOMGEWING

### 2.1 INLEIDING

Die omgewing of sakemilieu waarbinne 'n onderneming funksioneer, word verdeel in 'n algemene of eksterne omgewing, 'n intermediere omgewing en 'n taak- of spesifieke omgewing (Callahan et al. 1986:312). Hierdie omgewingsdefiniëring is ook van toepassing op instansies wat krediet verskaf.

#### 2.1.1 ALGEMENE OF EKSTERNE OMGEWING

Die algemene of eksterne omgewing van 'n organisasie wat krediet verskaf bestaan uit faktore wat al die kredietverskaffers in dieselfde mate beïnvloed. Individuele organisasies kan min of geen betekenisvolle verandering aan hierdie faktore se invloed bewerkstellig nie.

Die volgende faktore in die eksterne omgewing kan 'n onderneming in die landbousektor beïnvloed, naamlik (Callahan et al. 1986:314):

- die klimaatsomstandighede,
- tegnologiese verandering,
- makro ekonomiese faktore en sirklusse en
- kredietopnemergroepe.

## 2.1.2 INTERMEDIËRE OMGEWING

Die intermediäre omgewing van 'n kredietverskaffingsorganisasie bestaan uit kragte en faktore waarop 'n individuele organisasie kan reageer om 'n wesenlike verandering te bewerkstellig. Die intermediäre omgewing dien as skakel tussen die eksterne en die taakomgewing van die onderneming. Faktore in hierdie omgewing wat die onderneming beïnvloed, is:

- die verskaffers/voorsieners van fondse,
- reklame agentskappe,
- indiensnemingsagentskappe en
- dienseenhede.

## 2.1.3 TAAK- OF SPESIFIKE OMGEWING



Die omgewing beïnvloed die operasionele vlak in die onderneming. Hodge en Johnson (1970:65-170) identifiseer drie subsisteme binne hierdie taak- of spesifieke omgewing, naamlik:

- 'n doelwit- en taaksisteem;
- die struktuur-, organisasie-, gesag- en magsisteme, wat beskou kan word as 'n interne koppellingsisteem en
- die menslike hulpbronsisteem.

Die doelwit- en taaksisteem van 'n onderneming wat op die

kapitalistiese stelsel geskoei is, sal volgens Boone & Kurtz (1987:122) aan die onderneming standaarde stel om na te streef, 'n rigting aandui ten opsigte van die eind resultaat wat bereik wil word en dien as motiveerde van die menslike hulpbron om die gestelde doelwitte te bereik. Die sisteme ten opsigte van organisasiestruktuur, organisering, gesag en mag reël die verwantskappe en die verhoudings tussen die verskillende komponente of afdelings van die onderneming (Kast & Rosenzweig, 1985:234). Die menslike hulpbronne, bestuur en arbeid, tree hierteenoor as koördineerders op om die ander produksiefaktore optimaal te combineer, in die strewe om 'n surplus te produseer. Die bestuur van 'n onderneming het beheer oor hierdie produksiefaktore en die aanwending daarvan in die proses om 'n surplus te produseer.

## 2.2 KREDIETVERSKAFFINGSINSTELLINGS IN DIE LANDBOU

Die kredietverskaffers in die landbousektor kan in drie hoofgroepe verdeel word, naamlik :

- die staats- en semi-staatsinstellings, te wete die Direktoraat Finansiële Bystand van die Departement van Landbou en die Land- en Landboubank van Suid-Afrika
- landboukoöperasies, wat volgens die Koöperasiewet funksioneer, met 'n strewe om die lede van so 'n koöperatiewe instelling optimaal te bedien

- handelsbanke, ander finansiële instellings en privaat persone.

#### 2.2.1 DIE DIREKTORAAT FINANSIELE BYSTAND (DFB)

Die Direktoraat funksioneer in die lang- en korttermynkredietverskaffingsmark. Die DFB het histories op die voorseening van langtermynkrediet gekonsentreer, veral waar ontwikkeling gestimuleer of permanente gemeenskappe gevestig moes word. Gedurende die laaste vyf jaar het die DFB egter sterk op die voorgrond getree as 'n verskaffer van korttermynkrediet. Hierdie verskaffing van korttermynkrediet is hoofsaaklik ingestel as gevolg van die verswakte finansiële posisie van die produsente, ofte wel kredietopnemers.

Die DFB word befonds deur die staatstesourie, met gemeenskapsdiens as primêre motief, wat meebring dat fondse teen gesubsidieerde rentekoers, tot selfs so laag as vier persent in sommige gevalle, beskikbaar gestel word. Die primêre funksie van die DFB is en bly egter om boere wie se finansiële posisie sodanig is dat hulle nie by enige ander instansie finansiering kan bekom nie, te finansier.

As gevolg van die aard van hierdie funksie van die DFB, word ander norme aan kredietopnemers gestel om te kan kwalifiseer vir krediet. Die risikodravermoë, ofte wel

solvabiliteit, van 'n kredietopnemer speel 'n sekondêre rol by die evaluering vir kredietwaardigheid. Die vermoë van 'n kredietopnemer om verpligte wat aangegaan is te kan terugbetaal, is die primêre faktor in die DFB se strategie van kredietwaardigheidsevaluering.

## 2.2.2 DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA (LANDBANK)

Die Landbank, wat 'n owerheidsondersteunde organisasie is, het tot stand gekom met die uitsluitlike doel die verskaffing van finansiering aan die landbousektor. Hierdie finansiering word verskaf aan primêre produsente, die boere, en aan sekondêre landbou-verwante organisasies, landboukôperasies en bemarkingsrade.



Die Landbank verskaf fondse vir die finansiering van kort-, medium- en langtermynbates met rentekoerse in ooreenstemming met die leeftyd van die bate. Die privatiserings- en markgerigte beleid wat die sentrale regering ten opsigte van produksie en finansiering nastreef, het meegebring dat die Landbank fondse teen heersende koerse op die kapitaalmarkte moet bekom.

Hierdie verandering in beleid en wetgewing het meegebring dat die Landbank nie meer fondse teen relatief lae koerse aan primêre produsente, direk of via die landboukôperasies, beskikbaar kan stel nie.

Tradisioneel is die Landbank ingestel om langtermynkrediet aan die primêre produsent te verskaf. Die Landbank se beleid ten opsigte van langtermynkredietverskaffing aan sodanige produsente is om die kredietlimiet te bepaal aan die hand van die risikodravermoeë, ofte wel die netto-waarde, van die boerderyeenheid.

Hierdie bepaling van die risikodravermoeë is gebaseer op die produktiewewaarde en nie op die markwaarde van die grond nie. Die terugbetaalingsvermoë van die eenheid word slegs aan die hand van normatiewe maatstawwe bepaal, dit wil se die drakrag in terme van vee-eenhede en die langtermyn-akkerbouproduksiepotensiaal.

## 2.2.3 LANDBOUKÖPPERASIES



Landboukôperasies beskik nie oor voldoende eie fondse vir die finansiering van lede se kredietbehoeftes nie. Slegs R642 miljoen, of 26,2 persent van die totale laste van die graankôperasies in Suid-Afrika, was in die 1981-boekjaar vir kredietverskaffing beskikbaar (Wentzel 1984:602).

Nieteenstaande hierdie tekort aan fondse, lewer landboukôperasies aan hul lede 'n kredietverskaffingsdiens, spesifiek vir landbouproduksie. Die primere kôperasies in die Republiek van Suid-Afrika verskaf nie krediet vir die

finansiering van langtermyn bates nie, maar slegs vir die finansiering van kort- en mediumtermynbehoefte, produksie-insette en landboumasjinerie.

Die tekort aan fondse wat ondervind word om aan die lede se totale kredietbehoefte te voldoen, word aangevul deur gebruik te maak van die Landbank se kaskredietfasiliteite. Koöperasies wat hierdie fasiliteit benut, sluit 'n ooreenkoms met die Landbank ten opsigte van die terugbetaaling van die fondse, plus rente op hierdie fondse waarvan die koers van tyd tot tyd bepaal word.

Indien 'n koöperasie op hierdie wyse fondse by die Landbank bekom en aan 'n kredietopnemer beskikbaar stel, berus die verantwoordelikheid op daardie koöperasie om die verskafte krediet na afloop van die produksieproses van die krediet-opnemer te verhaal. Die kapitaal plus rente wat op hierdie wyse aan produsente beskikbaar gestel is, moet dan deur die betrokke koöperasie aan die Landbank terugbetaal word. Die kredietwaardigheidsbepaling van 'n kredietopnemer is dus van primêre belang vir hierdie kategorie kredietverskaffer.

Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word met die bepaling van die kredietopnemer se kredietwaardigheid (Louw, 1988:5):

- karakter en integriteit,
- risikodravermoë en

- terugbetaalingsvermoë.

Deur middel van hierdie faktore kan nou bepaal word of die kredietopnemer se kredietwaardigheid van so 'n aard is dat die kredietverskaffer bereid is om die risiko verbonde aan kredietverskaffing te neem.

#### 2.2.4 FINANSIELE INSTELLINGS

Finansiële instellings, soos handelsbanke en instellings wat afbetaalingsverkoopooreenkomste finansier, kan beskou word as 'n derde hoofgroep wat die landbousektor finansier. Hierdie instellings is verbonde aan openbare maatskappye wat met wins as die primêre doelwit fondse aan kredietopnemers beskikbaar stel.



Uit die aard van die doelstelling van hierdie ondernemings is dit noodsaaklik om die kredietwaardigheid van 'n kredietopnemer te bepaal. Dieselfde faktore as die wat vir koöperasies geld, word in ag geneem. Groter klem word egter geplaas op die risikodravermoeë van die kredietopnemer.

Hierdie instellings beskik nie soos koöperasies oor 'n moontlike pandreg (Wentzel, 1984:276) op die oesopbrengs wat uit die verskaafte krediet voortspruit nie (Koöperasiwet, 1981:art.173).

Finansiële instellings neem dieselfde kredietverskaf-

fingskriteria as koöperasies (paragraaf 2.2.3) in ag by die evaluering van 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid, naamlik:

- karakter en integriteit,
- risiko-dravermoë en
- terugbetaalingsvermoë.

## 2.3 FINANSIELE POSISIE VAN KREDIETOPNEMERS

### 2.3.1 VERPLIGTINGE VAN KREDIETOPNEMERS

Finansiële instellings en privaatgeldskieters, wat meestal familietransaksies aangaan, het gedurende 1985 in ongeveer 50 persent van die totale kredietbehoefte van kredietopnemers voorsien. Dit word uiteengesit in tabel 2.3.1.1.

Tabel 2.3.1.1 : Kredietbenutting deur kredietopnemers

	Staat en Jaar semi-staat	Landbou- koöperasies	Finansiële instellings	Privaat ander	Totaal
1985	24.41%	25.30%	40.81%	9.48%	100.00%
1986	25.84%	25.07%	39.53%	9.56%	100.00%
1987	28.48%	25.31%	36.26%	9.96%	100.00%

Bron : Kortbegrip van Landboustatistiek, 1988:110. Verwerk deur skrywer.

Die markaandeel van finansiële instellings het gedurende die periode 1985 tot 1987 (tabel 2.3.1.1) gedaal. Hierdie daling kan nie noodwendig toegeskryf word aan die moontlik-

heid dat die staat- en semi-staatkredietverskaffers 'n groter markaandeel bekom het ten koste van die finansiële instellings nie. 'n Moontlike verklaring kan eerder wees dat die kredietopnemers se finansiële posisie sodanig verswak het dat die kredietrisiko vir die normale opemark finansiële instellings te groot geword het.

Die totale verpligting van landbouprodusente word deur die Direktoraat Landbou Ekonomiese Tendense op 31 Desember 1987 op R12 739,8 miljoen geraam, teenoor 'n verpligting van R3 839,6 miljoen op 31 Desember 1980 (Kortbegrip, 1988:110).

Tabel 2.3.1.2 : Markaandeel van kredietverskaffers in 1987

Kredietverskaffer	Persentasie	R-waarde (miljoen)
Staat en semi-staat	30%	3 600
Koöperasies	25%	3 300
Finansiële instellings	35%	4 600
Privaat en ander	10%	1 200
	-----	-----
Totaal	100%	R 12 700 miljoen

Bron : Kortbegrip van Landboustatistiek, 1988:110. Verwerk deur skrywer.

Kredietverskaffing deur die staat en semi-staatinstellings het in die laaste jare aansienlik gestyg; in so 'n mate dat hierdie groep, sowel as landboukoöperasies, in 1987 in meer as 50 persent van die totale financieringsbehoeftes van produsente voorsien het (tabel 2.3.1.2).

### 2.3.2 WELVAART VAN DIE KREDIETOPNEMER

Die verpligtinge van produsente, gemeet in monetere eenhede, het vanaf 1980 tot aan die einde van 1987 drievoudig verhoog (Kortbegrip, 1988:110). Hierdie moontlike verswakkking in die finansiële posisie van produsente kan primêr toegeskryf word aan die swak landboutoestande wat vanaf 1980 geheers het (paragraaf 1.1).

Hierdie tendens is ook duidelik waarneembaar in die indeks van die volume van landbouprodukte (Kortbegrip, 1988:88). Slegs in twee jare, 1981 en 1987, was die totale volume akkerbouprodukte geproduseer groter as in 1980, wat die basisjaar is. Daarteenoor toon dieselfde indeks dat diereprodukte geproduseer slegs in een jaar, 1981, laer was as in die basisjaar 1980. Die volume van akkerbouprodukte geproduseer word aanvaar as 'n indikator van die stand van die finansiële posisie van landbouprodusente, ofte wel kredietopnemers.

Inflasie het die finansiële posisie van kredietopnemers ook nadelig beïnvloed. Die indeks van die produsentepryse van landbouprodukte het vanaf 'n indekspunt van 179,3 in 1980 gestyg tot 'n indekspunt van 341,1 in 1987, wat 'n styging van 161,8 indekspunte verteenwoordig (Kortbegrip, 1988:90). Daarteenoor het die prysindeks van boerderybenodighede vanaf 'n indekspunt van 199,6 in 1980 gestyg tot 'n indekspunt van 498,2 in 1987, wat 'n styging van 298,6 indeks-

punte verteenwoordig (Kortbegrip, 1988:98). Die afleiding kan dus gemaak word dat die pryse van boerderybenodigdhede vinniger toegeneem het as die pryse van landbouprodukte. Hierdie twee indekse dui dus op die kosteknyptang wat voorkom in die landbousektor van die Republiek van Suid-Afrika.

Bestaande twee faktore, swak landbouproduksie en die kosteknyptang, het die landbouprodusent van die Republiek van Suid-Afrika gelykydig getref en meegebring dat die landbou se vermoë om skuld terug te betaal, verswak het. Hierdie verswakte finansiële posisie van die landbouprodusent het tot gevolg dat die verhouding eie tot vreemde kapitaal verswak het.



#### 2.4 GEVOLGE VAN DIE FINANSIELE AGTERUITGANG

'n Primêre gevolg van die finansiële agteruitgang van kredietopnemers is dat krediteure gedwonge kapitaalverliese ly wanneer kredietopnemers gesekwestreer word. Hierdie sekwestrasies beïnvloed die kredietwaardigheid van bestaande kredietopnemers ten opsigte van risikodravermoe.

In die proses van die uitwinning van bates om krediteure se eise in 'n boedel te kan ontmoet, ontstaan die situasie dat die verkoping van hierdie bates nie plaasvind op 'n grondslag van 'n vrywillige koper en verkoper nie. Die realisasiewaarde van die bates onder hierdie toestande is

laer as in die geval van 'n vrye vraag- en aanbodsituasie. Hierdie verminderde of kunsmatig verlaagde realisasiewaarde van bates beïnvloed ander kredietopnemers in die onmiddellike omgewing. Die grond- en vaste verbeteringswaarde van die ander kredietopnemers wat nie gesekwestreer is nie, word as gevolg van hierdie laer realisasiewardes deur kredietverskaffers afwaarts aangepas.

'n Sosio-ekonomiese probleem het ontwikkel as gevolg van die landbouprodusent se verswakte finansiële posisie en sekwestrasies wat plaasgevind het. Werkgeleenthede het verminder, enersyds as gevolg van besparings en andersyds as gevolg van sekwestrasies wat voorgekom het. Dit het meegebring dat gebiede in die platteland gedweltelik ontvolk het en addisionele maatskaplike probleme daaromheen ontwikkel.

OF  
JOHANNESBURG

## HOOFTUK DRIE : 'N ALGEMENE OORSIG VAN KREDIETBESTUUR

### 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is gekyk na die kredietverskaffingsomgewing waarin krediet aan die landbousektor verskaf word. Die kredietverskaffingsproses moet egter op 'n ordelike wyse en volgens bepaalde procedures plaasvind. In hierdie hoofstuk sal breë kredietbestuursbeginsels bespreek word en groter klem gaan geplaas word op die kredietwaardigheid-evaluatingsproses.

Kredietbestuur is "... die smeermiddels van die handelsaksies...". In die moderne ekonomiese vind 'n groot gedeelte van die handel plaas op 'n uitgestelde betalingsbasis (Goedhuys D.W., in Mills, 1986:ii).

Die verbruiker se vermoë om toekomstige inkomstes te verdiskonter stel hom in staat om 'n verpligting aan te gaan en dit uit toekomstige verdienstes te vereffen. Die kredietbeheerprofessie het in die laaste jare van hoe debiteurrekeninge die filosofie begin verkondig dat verkope nie gerealiseer het voordat dié geld daarvoor nie in die bank is nie (Mills, 1986:54).

Hierdie situasie was in die afgelope aantal jare op die Suid-Afrikaanse landbou van toepassing. Die swak produksie-toestande en kosteknyptangeffek, soos genoem in

paragraaf 1.1, het veroorsaak dat die behoefté aan krediet in die landbousektor toegeneem het. Die verhoudelike belegging in debiteure by landboukoöperasies het in so 'n mate toegeneem dat debiteure as die tweedegrootste bateitem van hierdie koöperasies beskou kan word (Wentzel, 1984:233). Dit beklemtoon die toenemende behoefté aan krediet.

Die hoë vraag na krediet het algemeen in die landbousektor voorgekom en word weerspieël deur die boerderyskuld wat in monetêre terme uitgedruk, drievoudig van 1980 tot 1987 (Kortbegrip, 1988:110) toegeneem het. Die verswakkings in die finansiële krag van die kredietopnemers het meegebring dat die kredietbeheerfunksie verskerp is by al die instances wat die landbou finansier.

Ten einde die kredietvloei binne 'n organisasie vanaf die fisiese verkoopaksie tot waar die fondse in die bank gedeioneer is, vlot te laat verloop, stel Mills die volgende prosedure voor in gevalle waar met 'n potensiële kredietopnemer kontak gemaak word (Mills, 1986:2):

- 'n ondersoek na kredietwaardigheid;
- 'n evaluering van kredietwaardigheid;
- die goedkeuring van krediet;
- invordering, en

### **- verslagdoening**

Bestaande prosedure sal mee help dat daar tydens die verskaffing van krediet op 'n ordelike en sinvolle wyse te werk gegaan sal word en dat die goedkeuring daarvan op meriete sal geskied.

### **3.2 DIE DOEL VAN KREDIETVERSKAFFING**

Kredietverskaffing vorm 'n integrale deel van 'n handel-drywende organisasie se daaglikse aktiwiteite. Dit is dus nodig om kortliks na die doel van kredietverskaffing te kyk.



Die doel van kredietverskaffing is om 'n onderneming se omset te verhoog, of om 'n groei in die omset te bewerkstellig deur die skep van 'n behoefté by die klante van daardie onderneming. (Wentzel, 1984:236). Howard (1971:80) stel dit ook dat: "The chief incentive towards the granting of credit facilities is to encourage demand on the part of the customers....".

Hampton (1983:250) onderskei die volgende krediet-verskaffingsdoelstellings:

- om groei in verkope te bewerkstellig;**

- die winste te verhoog en
- mededinging te ontmoet.

Hierdie drie doelstellings word deur Hampton (1983:251) soos volg saamgevat: "All three goals have a single purpose - to generate a larger flow of operating revenue, and hence profit, than possible without a commitment of funds to accounts receivable".

Die finansiële instellings en die kredietafdelings van insetverskaffingsorganisasies moet streef na 'n balans tussen die maksimum omset met behulp van kredietverskaffing en 'n minimum risiko aan kapitaalverliese deur slechte skuldafskrywing. Die evaluasie van die kredietwaardigheid van die kredietopnemer sal in hierdie strewe 'n deurslaggewende rol speel.

'n Kredietverskaffingsproses gaan gepaard met koste, die fakturering van die transaksie, die opstel van 'n kontrak, die invordering van die krediet ensovoorts. Hierdie addisionele koste aan kredietverskaffing moet geweeg word teen die addisionele inkomste wat met die verskaafte krediet gegenereer word.

### 3.3 ONDERSOEK NA KREDIETWAARDIGHEID

Die ondersoek na kredietwaardigheid kan in twee fases ver-

deel word. Die eerste fase is 'n proses waar die inligting direk vanaf die kredietopnemer verkry word, waarna 'n fase volg waartydens die inligting by ander krediteure en instansies gekontroleer word. Die evaluering van die kredietopnemer se kredietwaardigheid kan eers plaasvind nadat die inligting gekontroleer is.

Die bedieningsgebied van die kredietverskaffers in die landbousektor strek oor wye geografiese gebiede. Die takbestuurder van handelsbanke en finansiële instellings se jurisdiksie is meestal beperk tot 'n landdrosdistrik. In die koöperatiewe sektor sluit die bedieningsgebied van 'n koöperasie gewoonlik meer as een landdrosdistrik in en sommige van die groter graankoöperasies se bedieningsgebied strek selfs oor provinsiale grense heen. Dieselfde groot geografiese gebiede geld ook vir die Landbank. Die DFB het geen gebiedskantore nie, maar slegs 'n hoofkantoor in Pretoria waar die finale kredietverskaffingsbesluit by die Landboukredietraad berus op grond van die inligting vervat in die aansoekvorm en 'n verslag van 'n plaaslike landboukredietkomitee onder die voorsitterskap van die plaaslike landdros.

Hierdie wye verspreiding van kredietopnemers plaas die verantwoordelikheid by die takbestuurder van die kredietverskaffer om die inligting vir 'n kredietwaardigheidsondersoek in te win. Die inligting wat bekom moet word om 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid vanuit 'n wins-

georienteerde benadering te beoordeel, is volgens Van Reenen et al. (1985:Afd.B 4):

- 'n volledige inventaris van die boerdery;
- direkte kostebegrotings, per gewas per land wat in produksie geplaas gaan word;
- 'n samevatting van die totale produksiekrediet wat vanaf die finansieringsinstansie verlang word, en
- 'n langtermynproduksieplan.

Die takbestuurder van die kredietverskaffer is verantwoordelik vir 'n brieë raming van die kredietopnemer se produksiepotensiaal, asook vir 'n kritiese en objektiewe verslag oor die kredietopnemer se karakter en integriteit. Om die karakter en/of integriteit van 'n kredietopnemer te meet, is moeilik kwantifiseerbaar en subjektief van aard (Brigham & Gapenski, 1985:845).

### 3.4 KREDIETWAARDIGHEIDSEVALUERING

Die evaluering van 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid is die hoeksteen van suksesvolle kredietverskaffing. Die drie belangrikste metingskriteria in objektiewe en suksesvolle kredietwaardigheidsevaluering is (Louw, 1988:5):

- die karakter/integriteit;

- die risiko-dravermoë en
- die terugbetalingsvermoë.

Brigham & Gapenski (1985:845) verwys na 'n sogenaamde "Five C System" om 'n kredietwaardigheidsevaluasie te doen. Hierdie "Five C System" is: "Character", "Capacity", "Capital", "Collateral" en "Conditions".

Brigham & Gapenski en Louw se benadering stem ooreen. Louw het egter "Capital" en "Collateral" van Brigham & Gapenski saamgevoeg onder die eienskap risikodravermoë en "Capacity" en "Conditions" saamgevoeg in die kriterium terugbetalingsvermoë.

#### 3.4.1 KARAKTER/INTEGRITEIT



Die persoonlike karaktereienskappe van 'n individu, naamlik sy reputasie, bestuursvermoë, kredietrekord en saaklikheid met die bestuur van 'n kredietrekening, is 'n persoonlike aspek en word dikwels deur die subjektiewe oordeel van 'n individu bepaal (Louw, 1988:5). Brigham & Gapenski (1985:845) daarteenoor sien in "Character" die waarskynlikheid dat die kredietopnemer sy verpligte teenoor die kredietverskaffer sal nakom.

Die kredietopnemer se kredietgeskiedenis by kredietverskaffers, soos verkry uit die kredietwaardigheidsondersoek, is

belangrik by die bepaling van 'n kredietopnemer se integriteit (Van Horn, 1983:398).

### 3.4.2 RISIKODRAVERMOË

Risikodravermoë dui op die baerderyonderneming se vermoë om finansiële verliese te kan absorbeer sonder om tot sekwestrasie of likwidasie gedwing te word. Die risikodravermoë van 'n kredietopnemer word gekwantifiseer deur 'n ontleding van sy onderneming se finansiële state. Verhoudings wat bereken moet word om as basis te dien vir die ontleding van die finansiële resultate is die volgende (Brigham & Gapenski, 1985:845 & 889), naamlik:

- solvabiliteit,

- likiditeit,

- batebestuur,

- debiteurebestuur, en

- winsgewendheid.

Die risikodravermoëverhoudings word vanuit 'n balansstaat en inkomstestaat bereken. 'n Balansstaat en 'n begrote inkomstestaat word vanuit die inventaris verkry by die kredietopnemer saamgestel. Die balansstaat bied aan die kredietverskaffer 'n opsomming van die kapitaalstruktuur van die onderneming wat om krediet aansoek doen. Die ver-

houding van bates tot laste plus 'n ontleding van die kapitaalstruktuur van die onderneming bied aan die kredietverskaffer die geleentheid om te kan bepaal 'en besluit of dit raadsaam is om verdere finansiering te verskaf.

### 3.4.3 TERUGBETALINGSVERMOË

Die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer dui op die kredietopnemer se vermoë om sy verpligtinge ten opsigte van korttermynproduksie-insette, rentebetאלings en kapitaaldelgings te kan nakom.

Verpligtinge kan alleen nagekom word uit wins en kontant wat daaruit voortspruit, en nie deur die verskuwing van fondse vanaf een rekening na 'n ander of een krediteur na 'n ander nie (Louw, 1988:5). Die terugbetalingsvermoë word bepaal vanaf 'n begrote inkomstestaat en 'n ontleding van die kapitaalstruktuur van die kredietopnemer soos verkry vanaf die inventaris van die onderneming se bates en laste.

Die inventaris waarin die produktiewe oppervlakte en die werklike verpligtinge aangedui word, dien as basis om 'n begrote inkomste- en kontantvloemistaat, of 'n kombinasie van die twee, saam te stel. Die doel van die bepaling van die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer is dus om vas te stel of die kredietopnemer solvent, likied en stabiel is ten opsigte van inkomsteproduksie.

Uit die kredietwaardigheidondersoek bepaal die kredietverskaffer of die potensiële kredietopnemer oor die nodige bestuurskennis en -vaardighede plus die fisiese potensiaal beskik om die verskaafte krediet terug te betaal.

Die fisiese potensiaal om krediet te kan terugbetaal dui op die produksiefaktore waaroer die kredietopnemer beskik se vermoë om inkomste te kan produseer. Die volume produkte (akkerbou of lewende hawe) is dus die belangrike faktor. Hierdie aspek sal in hoofstuk 5 breedvoerig bespreek word.

### 3.5 GOEDKEURING EN BEHEER VAN KREDIET

Die goedkeuring van krediet is onderhewig aan die kredietverskaffer se kredietbeleid en die kredietwaardigheid van die kredietopnemer.

Die kredietbeleid van kredietverskaffersorganisasies in die landbousektor behoort daarop ingestel te wees om krediet op so 'n wyse te verskaf en die goedkeuring daarvan so te beheer, dat die kredietopnemer se finansiële posisie verbeter sonder om die risiko aan beide partye, die kredietverskaffer en die opnemer, te verhoog.

### 3.6 KREDIETINVORDERING

Die produksiekrediet vir die produksie van primêre landbouprodukte soos somer- of wintergrane word vir 'n korttermyn toegestaan. Die produksie van die produkte waarvoor krediet verskaf word is gekoppel aan 'n biologiese proses wat normaalweg binne 'n kalenderjaar voltooi word. Gegewe 'n normale opbrengs in die produksie van hierdie produkte en met die aanvaarding van bepaalde risiko, kan 'n verwagte opbrengs waaruit die toegestane krediet verhaal moet word, geraam word.

### 3.7 FAKTORE WAT KREDIETVERSKAFFING BEINVOLOED

  
Altman (Brigham & Johnson, 1976:22-46) het 'n diskrimenantmodel ontwikkel om die insolvensie van 'n onderneming te voorspel. 'n Besonder hoë suksespersentasie is deur Altman met hierdie model behaal. Die insolvensie van ondernemings is tot so na as twee jaar voor die datum van die werklike insolvensie voorspel. Volgens hierdie formule het die onderstaande faktore, wat hy as verhoudingsgetalle uitgedruk het, 'n beduidende verband met die uiteindelike insolvensie van die maatskappye gehad.

Die faktore (of verhoudingsgetalle) in Altman se diskrimenantmodel word deur Brigham & Johnson (1976:32) in die volgende volgorde van belangrikheid weergegee:

- die netto inkomste voor rente en belasting tot totale

bates;

- die omset (verkope) tot totale bates;
- die markwaarde van die aandele van die maatskappy tot die totale laste (dit wil sê langtermyn- en bedryfslaste);
- die onverdeelde inkomste en reserwes tot totale bates, en
- bedryfsbates tot totale bates.

Hierbenewens word die volgende faktore wat die risiko's verbonde aan kredietverskaffing beïnvloed, geïdentifiseer:

- die likiditeit van die klante aan wie krediet toegestaan word (Brandt, 1965:165);
- die termyn waarvoor die krediet toegestaan word (hoe langer die termyn, hoe meer riskant is die kredietverlening) (Grass, 1972:56), en
- die wisselvalligheid van die netto inkomste en/of omsette van die klante aan wie krediet toegestaan word (Van Horne, 1977:278).

Bostaande faktore het hoofsaaklik betrekking op die kredietopnemer en die krediettermyn. Finansierders aan die landbousektor, en veral bepaalde bedryfsvertakkinge soos die akkerbou, se risiko word aansienlik verhoog as gevolg

van hul indirekte blootstelling aan die onbeheerde risiko's waaraan kredietopnemers blootgestel is (Wentzel, 1984:263).

### 3.7.1 GROEPERING VAN DIE FAKTORE WAT KREDIETVERSKAFFING BEINVLOED

Ten einde die onderstaande bespreking te vergemaklik, is die verskillende faktore wat in die voorafgaande paragraaf gefdентifiseer is, gereduseer tot ses faktore (Wentzel, 1984:263), naamlik:

- die netto inkomste van 'n kredietopnemer;
- die wisselvalligheid van landbou-opbrengste in die Republiek van Suid-Afrika;
- die solvabiliteit van 'n kredietopnemer, en
- die likiditeit van 'n kredietopnemer.

#### 3.7.1.1 DIE NETTO INKOMSTE VAN 'N KREDIETOPNEMER

Die eerste twee verhoudings wat Altman gebruik in die diskrimenant-model, naamlik die netto inkomste voor rente en belasting tot totale bates en omset tot totale bates, word saamgegroepeer onder hierdie hoof, omdat

- die netto inkomste of verdienvermoë van 'n onderneming die belangrikste enkele faktor is sover dit die onderneming se oorlewingsvermoë betref (Wentzel, 1984:265), en

- 'n onderneming se bate-omsetsnelheid (dit wil se die verhouding van sy totale omset tot sy totale bates) 'n daadwerklike invloed op die onderneming se verdienvermoë het.

### 3.7.1.2 DIE WISSELVALLIGHEID VAN LANDBOU-OPBRENGSTE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Dit is belangrik om hierdie aspek afsonderlik te bespreek, aangesien twee boerdery-ondernemings dieselfde gemiddelde netto inkomste kan hê, terwyl daar tog 'n groter risiko verbonden is aan die een waarvan die netto inkomste (of die omset waaruit die netto inkomste tot stand kom) aan groter fluktuaties onderhewig is (Wentzel, 1984:263). Deur landbou-opbrengste in die ondersoek te betrek, word by implikasie ook in 'n sekere mate erkenning gegee aan Altman se tweede faktor (omset) wat hierbo saam met die netto inkomste van die boere gegroepeer is.

### 3.7.1.3 DIE SOLVABILITEIT VAN 'N KREDIETOPNEMER

Deur die solvabiliteit van 'n kredietopnemer in die evaluatingsproses te betrek word erkenning gegee aan die derde en vierde verhoudings wat Altman in die dikrimenantmodel gebruik, dit is die markwaarde van die aandele

tot die totale laste en onverdeelde inkomste en reserwes tot totale bates.

Alhoewel Altman se derde faktor betrekking het op die verhouding tussen die markwaarde van die aandele en die totale laste van die (genoteerde) maatskappye wat hy ondersoek het, is dit nie prakties om die markwaarde van die aandele van privaatboerderymaatskappye te bepaal nie. Die oorgrote meerderheid van die kredietopnemers in die landbou boer in elk geval op hul persoonlike name en/of in vennootskappe.

Hierdie twee verhoudings word vervang deur die solvabiliteit van die kredietopnemer, dit wil se die verhouding tussen die totale bates en die totale laste van die kredietopnemer (Wentzel, 1984:264). Die totale bates van die kredietopnemer moet teen heersende markwaardes gewaardeer word en die verskillende bate items sowel as laste items word vanaf die invertaris verkry wat deel uitmaak van die produksiekredietaansoek.

### 3.7.1.4 DIE LIKIDITEIT 'N KREDIETOPNEMER

Altman se vyfde en laaste verhouding, bedryfsbates tot totale bates, het te make met die likiditeit van die onderneming(s) wat hy ondersoek het. Alhoewel die laagste gewig aan die besondere faktor in Altman se diskrimenant-model gegee word, maak dit tog 'n betekenisvolle bydrae.

Kredietverskaffers, veral verskaffers van korttermyn-krediet, slaan die likiditeitsverhouding van krediet-opnemers in die praktyk baie hoog aan. Handelsbanke plaas egter meer klem op kontant- as winsbegrotings, terwyl landboukoöperasies meer klem plaas op winsbegrotings van die totale boerdery-eenheid as onderneming (Wentzel, 1984:265). Hierdie klemverskuiwing wat voorkom, mag wees omdat die krediet wat deur landboukoöperasies vir die verkryging van produksiemiddelle verskaf word, gedek word deur statutêre pandreg (Wentzel, 1984:276).

Die pandreg ten opsigte van oeste wat geproduseer is met produksiemiddelle wat deur 'n landboukoöperasie verskaf is, is geskep in Artikel 173 van die Koöperasiewet, Wet 91 van 1981, en bly van krag vir 'n tydperk van agtien maande terwyl daar nog 'n bedrag vir genoemde produksiemiddelle uitstaande is. Handelsbanke beskik nie oor sodanige risikoverskansing nie en is daarom aangewese om enige verskafte krediet uit die surplus bo produksiekoste te verhaal. Die handelsbanke leë hierom dus groter klem op kontantvloeibegrotings.

### 3.8 SAMEVATTING

Krediet- en insetverskaffers aan die landbousektor se debiteure verteenwoordig tans van hierdie instansies se grootste beleggings (Wentzel, 1984:303). Die volgende

opmerking van Goedhuys in die voorwoord tot Mills (1986:ii) "credit management lubricate the wheels of commerce - that has long been true, but in modern economy an ever greater proportion of trade is based on prospective receipts...", beklemtoon die rol van kredietverskaffing vir die handel in die algemeen. Krediet is in die landbousektor 'n belangrike rat in die landbouproduksieproses.

Kredietverskaffers sal in 'n steeds toenemende mate moet toesien dat die evaluering van 'n kredietopnemer realisties geskied. Kredietverskaffers sal noodgedwonge procedures moet ontwikkel om op die volgende wyse verskafte krediet in die landbou te bestuur:

- 'n ondersoek na die kredietwaardigheid;
- 'n evaluering van die kredietwaardigheid;
- 'n goedkeuring van die krediet;
- 'n invordering van die krediet, en
- verslagdoening.

Die kern van die kredietbestuursproses is geleë in die evaluering van die kredietopnemer se vermoë om die verskafte krediet, plus bestaande verpligtinge, te kan terugbetaal. In die volgende hoofstuk word die bepaling van die terugbetaalingsvermoë van 'n kredietopnemer volledig bespreek.

## HOOFSTUK VIER : DIE BEPALING VAN DIE TERUGBETALINGSVERMOË VAN 'N KREDIETOPNEMER

### 4.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is kredietbestuur in die algemeen bespreek. Hierdie hoofstuk handel oor die wyse om die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer te bepaal.

Die proses van kredietverskaffing is afhanglik van die kredietopnemer se vermoë om die verkreeë krediet, plus die bestaande krediet, oor die kort sowel as die langtermyn te kan terugbetaal. Die belangrikste elemente waarna gekyk moet word in die bepaling van sodanige vermoëns van die kredietopnemer, is volgens Louw (1988:5):

- die bruto produksiewaarde;
- die produksiekoste;
- die faktorkoste, en
- die kapitaaldelegingverpligting van die onderneming.

Elkeen van hierdie elemente maak 'n bydrae tot die kredietwaardigheid van 'n kredietopnemer. Hierdie elemente kan nie gesoleerd van mekaar gesien word nie, aangesien hul aanvullend en ondersteunend tot mekaar is.

## 4.2 TERUGBETALINGSVERMOË

Terugbetalingsvermoë as kriterium in die kredietwaardigheidbepalingsproses is die mees onderskatte en die mins gebruikte instrument om die kredietwaardigheid van 'n kredietopnemer te bepaal (Louw, 1988:4). Histories het die kredietverskaffers aan die landbousektor 'n sekuriteitsgeïnspireerde benadering tot kredietwaardigheidbepaling gehad en nie noodwendig 'n winsgeïnspireerde benadering nie. Lae inkomstevlakke en die akkumulering van verpligte bring mee dat kredietevaluering 'n geïntegreerde en dinamiese proses geword het waarin meer veranderlikes geëvalueer moet word (Louw, 1988:5).

### 4.2.1 DIE DOEL VAN TERUGBETALINGSVERMOËRAMING

Die doel met die raming van die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer is om te bepaal of verpligte, paaiemente, rentebetalings en delgings, oor die kort- en langtermyn nagekom kan word. Verpligte kan, soos reeds genoem, slegs nagekom word uit surplusse, wins en die kontant wat daaruit voortspruit, en nie deur die verskuiwing van fondse vanaf een rekening na 'n ander nie (Louw, 1988:6). As gevolg hiervan is die kredietopnemer se terugbetalingsvermoë, en uiteindelik sy inkomste, 'n bepalende faktor in kredietverskaffing.

#### **4.2.2 RAAMWERK VIR DIE BEPALING VAN DIE TERUGBETALINGSVERMOË**

Eisgruber (1965:65) stel die volgende breë raamwerk waarvolgens die jaarlikse terugbetalingsvermoë vir 'n kredietopnemer gesimuleer kan word: bruto boerderyinkomste minus produksiekoste minus vreemde faktorkoste en kapitaaldelging, plus nie-boerderyinkomste en nie-kontantkostes. Hierdie benadering word gebruik om 'n raming te maak van die terugbetalingsvermoë van die kredietopnemer vir die eerste jaar. Die resultaat van die eerste jaar se projeksie word gebruik as basis vir 'n projeksie van 'n volgende jaar se resultaat, met die inagneming van sekere aannames en die feit dat die delging van kapitaalverpligtinge die vreemde faktorkoste verlaag, of indien daar tekorte sou ontstaan, dat die rentekoste ten opsigte van 'n oortrokke bankrekening faktorkoste sal verhoog.

#### **4.2.3 AANNAMES BY DIE RAMING VAN DIE TERUGBETALINGSVERMOË**

Die verloop van gebeure in die toekoms is onbekend aan die persoon wat 'n vooruitskatting van hierdie gebeure se resultaat moet maak "...the only certainty about the future, is its uncertainty." (Phillipatos, 1973:69) Daar moet dus sekere aannames gemaak word in die bepaling van 'n kredietopnemer se terugbetalingsvermoë.

'Die volgende aannames kan gemaak word in die projeksie van

die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer:

- om die huidige prysvlakke van produkte en produksie-insette te gebruik;
- om die inflasionistiese neiging in produk- en produksie-insetpryse, dit wil sê die kosteknyptangeffek wat in die landbousektor voorkom, te voorsien;
- om die variansie in produksievvlakke, dit wil sê die risiko-element in opbrengs, te voorsien, of
- 'n kombinasie van bovenoemde.

#### 4.2.4 DIE ROL VAN AKKURATE DATA IN DIE TERUGBETALINGSVERMOËBEPALING



Die projeksie van die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer moet gebaseer wees op akkurate data. Indien die basis data foutief sou wees, kan dit lei tot 'n positiewe of negatiewe eskalering in die projeksie. 'n Te hom of te lae raming van die inkomstevlak in die eerste jaar beïnvloed al die daaropvolgende jare se inkomstevlakke, ongeag die aannames. Dieselfde effek word verkry indien die koste of uitgawes foutief beraam word.

'n Onder- of oorramping van hetsy inkomste of uitgawe beïnvloed nie slegs die resultaat van 'n spesifieke jaar of jare nie, maar het ook 'n effek op die bankbalans. In die voorgestelde simulasiemodel tree die bankbalans op as 'n

buffer, in soverre dat alle surplusse wat mag ontstaan, daarheen oorvloeи. So word ook alle tekorte wat mag ontstaan vanuit die bankbalans verhaal.

Rente op 'n bankbalans wat wissel van die een jaar tot die volgende jaar as gevolg van 'n wisseling in die faktorkoste en kapitaaldeleingspaaiememente, oefen 'n invloed uit op die surplus of tekort wat aan die einde van 'n spesifieke jaar geraam word. Die geraamde surplus of tekort aan die einde van 'n jaar word dus nie net beïnvloed deur 'n oor- of onderraming van die inkomste of uitgawes nie, maar deur ook die rente gehef, of nie gehef nie, op die afgeleide bankbalans en veranderings wat in faktorkoste en kapitaaldeleing kan voorkom.

Die kredietverskaffer wil hê dat die data van die kredietopnemer akkuraat moet wees. Akkurate data kan deur die kredietopnemer aan die kredietverskaffer beskikbaar gestel word deur :

- die inventaris volledig in te vul en kredietsaldo's by krediteure te kontroleer, of
- gebruik te maak van finansiële en boerderybestuurs-rekords (Louw, 1988:6) en hierdie resultate aan die kredietverskaffer beskikbaar te stel.

Indien data in een van die bestaande formate aan die kredietverskaffer oorgedra word, stel dit die krediet-

verskaffer in staat om 'n geheelbeeld van die onderneming te kry. Nie alleen word 'n beeld van die onderneming by die kredietverskaffer geskep nie, maar dit versterk die kredietverskaffer se persepsie van die kredietopnemer as ondernemingsbestuurder, met die bestuurstake van beplanning, organisasie, leiding en beheer.

#### 4.2.5 MAATREELS OM AKKURATE DATA TE VERKRY

Akkurate inligting, soos hierbo gestel, is nie altyd beskikbaar in die landbou nie. Die kredietverskaffer sal dus meganismes in werking moet stel om te verseker dat die data gebruik in die bepaling van die terugbetaalingsvermoë, en ook die risikodravermoë, so akkuraat moontlik is.

Uit 'n telefoniese opname by vier handelsbank en vyf landboukoöperasies, wat almal op die een of ander wyse financiering aan die landbousektor verskaf, het dit geblyk dat omvattende aansoekvorms ontwikkel is om die gebrek aan finansiële en boerderybestuursrekords te oorkom. Die formaat waarin hierdie kredietverskaffers sodanige data insamel, dit wil sê die aansoek om krediet, neem die volgende vorm aan:

- 'n inventaris van die produksie-eenheid waarin alle bate-items dit wil sê vaste, losgoed en likiedebates, met die ooreenstemmende verpligting indien enige, asook alle ander laste, vervat is;

- gedetailleerde direkte kostebegrotings (fisies en finansieel) van elke produksievertakking (dit wil se 'n vertakkingsbegroting), en
- 'n opsomming van die totale direkte koste waarvoor begroot is, minus die bedrag aangevul uit ander bronne, om die kredietbehoefte by die kredietverskaffer te identifiseer.

Die inligting vervat in die kreditaansoek, die inventaris van bate en laste, die direkte kostebegrotings en die kreditaanvraagskedule, moet gekontroleer word:



- vir landboukundige korrektheid (Wentzel, 1984:293). Eerstens moet die fisiese opbrengsmikpunte per hektaar en die insette benodig per hektaar, soos begroot deur die kredietopnemer, in harmonie wees met die teoretiese produksiemikpunt vir die produksiegebied. Tweedens moet die begrote insette in harmonie wees met die begrote opbrengsmikpunt.
- met betrekking tot die korrektheid van die inventaris. Die inligting vervat in die aansoek moet ooreenstem met die inligting wat in 'n vorige aansoek om krediet verstrek is. Verder is dit nodig dat die inligting van tyd tot tyd onderwerp word aan 'n ondersoek by die Aktekantoor en ander krediteure, om te bepaal of die eiendom kollateraal verbind is en of

**krediteure se saldo's korrek aangetoon is.**

Die kredietverskaffer moet ook bepaal of die opbrengsmikpunte wat deur die kredietopnemer gestel word ooreenstem met die kredietopnemer se produksiegeskiedenis en die spesifieke gebied se langtermynproduksiepotensiaal (Wentzel, 1984:294). In die raming van die terugbetalingsvermoë speel die opbrengsmikpunt wat vir die berekening van die terugbetalingsvermoë aanvaar word, 'n bepalende rol. Indien die opbrengsmikpunt te hoog geraam word, het dit 'n unrealisties hoë inkomste tot gevolg, wat die terugbetalingsvermoë positief skeef kan beïnvloed, met die teenoorgestelde effek vir 'n te lae opbrengsmikpunt.

UNIVERSITY  
OF  
JOHANNESBURG

#### **4.5 SIMULASIE VAN DIE TERUGBETALINGSVERMOË**

Die simulasie van die terugbetalingsvermoë is, net soos die totale kredietevalueringsproses, 'n geïntegreerde en dinamiese proses. Die simulasie van 'n kredietopnemer se vermoë om bestaande sowel as nuwe verpligtinge te kan terugbetaal, word deur die volgende aspekte beïnvloed:

- die bruto inkomstepotensiaal;
- die produksiekoste vir die produksie van die inkomste;
- die faktorkoste (aan vreemde en eie kapitaal), en
- die kapitaaldeleging.

'n Bruto inkomsteraming word gemaak waarteen die verskilende kostekomponente verreken word om 'n potensiële surplus of tekort bo gespesifieerde koste aan die einde van 'n periode te bepaal. Hierdie proses word op 'n jaarbasis vir 'n vasgestelde periode in die toekoms herhaal, met die inagneming van die toe- en/of afname van die faktorkoste- en kapitaaldegingelemente, soos beskryf in paragraaf 4.2.2.

#### 4.5.1 INKOMSTEPOTENSIAAL

Die bruto produksiewaarde (BPW), of inkomstepotensiaal, is die som van die bruto produksiewaarde van al die boerderyvertakkings in daardie boerdery, plus diverse boerderyinkomste vir 'n sekere rekenkundige tydperk, meestal 'n jaar (Boerderybestuur, Van Reenen et al., 1985:14). Die inkomstepotensiaal (inkomste) is dus die totale BPW van die boerdery-eenheid plus enige nie-boerdery inkomste wat die kredietopnemer toeval, soos byvoorbeeld 'n salaris verdien.

Die boerderyvertakkings in 'n boerdery kan normaalweg in twee breë kategorieë verdeel word, naamlik 'n veevertakking (skape, beeste, pluimvee, ensovoorts) en 'n gewasvertakking (akkerbou- en tuinbougewasse soos mielies, koring, groente en vrugte). Die bruto inkomste wat 'n boerdery-eenheid kan produseer is die som van die akkerbou- en lewende hawevertakkings plus enige nie-boerdery inkomste wat toegevoeg kan

word tot die boerdery inkomste.

$$\text{Bruto Inkomste} = \text{Opbrengs/eenheid} \times \text{Eenhede} \times \text{Produkprys} + \\ \text{Nie-boerdery inkomste}$$

Die fisiese opbrengspotensiaal van 'n boerderyvertakking is die belangrikste veranderlike wat die geraamde inkomste potensiaal van die vertakking, en onderneming in totaal, beïnvloed. Indien 'n te hoë opbrengspotensiaal gebruik word, is die geraamde inkomste te hoog, en die teenoorgestelde geld vir 'n te lae opbrengsraming. Die geraamde opbrengsmikpunt, soos gebruik in die terugbetalingsvermoë-simulasiemodel, moet vir elke vertakking in harmonie wees met:



- die kredietopnemer se fisiese produksiegeskiedenis;
- die gebied waarin produksie plaasvind se produksie-potensiaal vir die spesifieke kommoditeit, en
- die kredietopnemer se geraamde produksiemikpunt soos begroot op die direkte kostebegrotingskedule.

Die tweede veranderlike wat die geraamde bruto inkomste beïnvloed, is die eenhede wat die fisiese produksie lewer, dit wil sê hektare bewerkbare grond of eenhede lewende hawe. Hierdie produksie-eenhede word direk vanaf die inventaris verkry. Die kredietverskaffer moet hierdie inligting kontroleer teen bestaande inligting uit die verlede.

Die produkprys is die laaste veranderlike wat 'n invloed op die potensiële bruto inkomste uitoeft. Nog die kredietopnemer nog die kredietverskaffer het enige beheer oor hierdie veranderlike. Die markverwante benadering in landbouprodukbemarking het meegebring dat die aanbod van 'n spesifieke produk die prys daarvan beïnvloed. Die invloed van die aanbod van 'n produk op die prys daarvan word weerspieël in die prysscenarios wat deur die bemarkingsrade vir die verskillende kommoditeite daargestel is.

Die bruto boerdery-inkomsteraming in die terugbetaalingsvermoëmodel word dus deur drie veranderlikes beïnvloed, te wete die fisiese produksie per eenheid, die eenhede in produksie en die produkprys. Hierdie geraamde bruto boerdery-inkomste is die belangrikste veranderlike vir die kredietverskaffer in die bepaling van 'n kredietopnemer se terugbetaalingsvermoë en word breedvoerig in hoofstuk vyf bespreek.

#### 4.5.2 PRODUKSIEKOSTE

'n Produksiekosteraming word vir elke vertakking teen die verwagte opbrengsmikpunt, soos gestel in paragraaf 4.5.1, gemaak. Hierdie kosteraming maak voorsiening vir die totale koste, dit wil sê die vaste en veranderlike koste wat direk en nie-direk toedeelbaar is.

Die veranderlike fisiese insette soos saad, kunsmis, brandstof, plant- en plaagdoder, reparasie en versekering, word deur middel van 'n fisiese begrotings geraam. Deur produkpryse aan hierdie fisiese hoeveelhede te koppel word 'n veranderlike kostebegroting verkry, vir gebruik in die terugbetalingsvermoësimulasiemodel.

'n Raming van die vaste kostekomponent, in die totale produksiekoste, is nie so geredelik beskikbaar as die veranderlike kostekomponent wat deur middel van bestaande direkte kostebegrotings aan die kredietverskaffer beskikbaar gestel word nie. Sommige van die vaste koste-items kan uit die inventaris afgelei word, soos byvoorbeeld die waardevermindering op toerusting en geboue. Die vaste koste-items wat nie vanaf die inventaris afgelei kan word nie, soos die gereelde arbeids-, versekering- en derde-party-kostes sowel as lisensies, kan op 'n normatiewe basis in berekening gebring word. Daar bestaan in die landbou betroubare boerderybestuursinligtingburo's waarvandaan hierdie norme verkry kan word.

#### 4.5.3 FAKTORKOSTE

Faktorkoste sluit in die vergoeding aan kapitaal, rente op eie en vreemde kapitaal, vergoeding aan gehuurde grond en die vergoeding aan gehuurde bestuur. 'n Projeksie ten opsigte van die jaarlikse vergoeding aan gehuurde grond en

gehuurde bestuur is redelik simplisties van aard en 'n eskalasiekoers ten opsigte van elkeen kan 'n redelike akkurate raming van die verwagte toekomstige uitgawes gee.

Die metodes waarvolgens rente op vreemde kapitaal gehef word, verskil van instansie tot instansie, wat dit moeilik maak om vanaf die inventarisinligting faktorkoste te bereken. Ten einde die probleem te oorkom en konsekwente toepassing te verkry, kan 'n aanname gemaak word van die mees relevante metode van renteberekening en toegepas word in die simulatieproses.

#### 4.5.4 KAPITAALDELGING



Indien die faktorkoste, soos in paragraaf 4.5.3 beskryf, bereken is, kan 'n kapitaaldelgingsprojeksie gemaak word. Sorg moet egter te alle tye gedra word dat die berekening van die paaiemende ooreenkom met die terugbetalingsvoorraarde van die betrokke kredietverskaffer.

#### 4.6 TERUGBETALINGSVERMOËSIMULASIEMODEL

Gesien in die lig van die huidige inflasiekoers en die onsekerheid ten opsigte van die pryse van landbouprodukte, kan argumente geopper word dat 'n projeksie van langer as een jaar aanleiding gee tot foutiewe projeksies. 'n Projeksie van die terugbetalingsvermoë, tesame met die ander twee

kriteria in die bepaling van kredietwaardigheid, is egter baie beter as geen evaluering nie.

Enkele opmerkings oor die prosedure wat in die simulasie van die kredietopnemer se terugbetaalingsvermoë gevolg word, is die volgende:

- die periode ten opsigte van die droogte-oorlaat-verpligtinge, dit is die produksiekrediet wat kredietopnemers nie kon aflos uit die swak oeste wat gerealiseer is en by die landboukoöperasies geakkumuleer het, is of vyf of tien jaar, teen 'n rentekoers van of vyf persent of agt persent per jaar.
- die bankrekening tree op as buffer vir die potensiële surplus of tekort. Met ander woorde, 'n aanname word gemaak dat die volle verpligtinge jaarliks nagekom word, en dat enige surplus of tekort wat ontstaan, na die volgende jaar se banksaldo oorvloeи.

#### Skematiese voorstelling 4.6.1 :

#### TERUGBETALINGSVERMOËSIMULASIEMODEL

##### 1. Inkomsteraming -

Akerbou : Oppervlakte bewerk I	Opprengs/ha I	Produkprys =	XXXX
Veekundig: Aantal GVE I	Bruto-inkomste/GVE	=	XXXX
Diverse boerdery-inkomste		=	XXXX
	I.TOTALE BOERDERY-INKOMSTE R	=	XXXX

##### MINUS:

##### 2. Boerdery-uitgawes -

Direkte uitgawes:	
Akerbou-uitgawes vir die totale eenheid	XXXX
(Saad,kunsais,ensovoorts)	
Vee-uitgawes vir die totale eenheid	XXXX
(Medisyne,gekoopte voer,ensovoorts)	

**Skematische voorstelling 4.6.1 (vervolg)**

**Nie-direk toedeelbare uitgawes:**

Arbeid	XXXX
Waardevermindering	XXXX
Diverse-boerdery uitgawes	XXXX
	<b>II. BOERDERY-UITGAWES R XXXX</b>
	<b>III. NETTO BOERDERY-INKOMSTE (I-II) R XXXX</b>

**MINUS:**

3. Faktorkoste - (Rente,ens.)	
Droogte-oorlaatverpligting	XXXX
Afbetaalingsverkoopoordekkende	XXXX
Verpligte oor grond	XXXX
Huurverpligting	XXXX

Gehuurde bestuur	XXXX
Rente op oortrokke bankrekening	XXXX

	<b>IV. TOTALE FAKTORKOSTE R XXXX</b>
	<b>V. BOERDERYWINST OF -VERLIES (III-IV) R XXXX</b>

**MINUS:**

4. Kapitaaldeiging	
Droogte-oorlaatverpligting	XXXX
Afbetaalingsverkoopoordekkende	XXXX
Verpligte oor grond	XXXX

	<b>VI. TOTALE KAPITAALDEIGING R XXXX</b>
--	--

**PLUS:**

Nie-boerdery-inkoste	XXXX
Wins op kapitaal-items	XXXX
Nie-kontantkoste	XXXX

	<b>VII. TOTAAL ANDER INKOMSTE R XXXX</b>
	<b>VIII. SURPLUS/TEKORT (V-VI+VII) R XXXX</b>

Bron: Enkele Landbou-ekonomiese Begrippe, Direktoraat Landbouproduksie-ekonomie (Pretoria), 1986.

Die bestaande simulasié van 'n kredietopnemer se finansiële resultaat word op 'n jaarbasis vir 'n gegewe periode herhaal. Die resultaat wat daarmee bereik word is 'n geprojekteerde begrote verloop van die kredietopnemer se finansiële posisie. Die tendense ten opsigte van die verloop van die kredietopnemer se geraamde finansiële posisie word dan as kriteria gebruik om te bepaal of verpligte oor die

langertermyn nagekom sal kan word.

Die tendens ten opsigte van die verwagte terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer word afgelui van die :

- verwagte jaarlikse saldo van die bankbalans;
- surplus/tekort per jaar, en
- geraamde jaarlikse bate-tot-lasteverhouding.

#### 4.6.2 TEORETIESE SIMULASIE VAN DIE TERUGBETALINGSVERMOË

In tabel 4.6.3 word 'n skematische opsomming getoon van 'n terugbetalingsvermoësimulasie se resultaat. Die simulasië is gedoen vir 'n periode van vyf jaar en toon die verwagte verloop van 'n kredietopnemer se finansiële posisie.

Tabel 4.6.3: 'n Opsomming van die terugbetalingsvermoë simulasie

Jaar	Bank-saldo	Surplus/ Tekort	Solvabiliteit
1	R1	S1	So1:1
2	R2	S2	So2:1
3	R3	S3	So3:1
4	R4	S4	So4:1
5	R5	S5	So5:1

Bron : 'n Opsomming van die resultate uit tabel 4.6.1 en die bespreking wat volg.

#### 4.6.2.1 BANKSALDO

Die banksaldo van jaar een, R1, word verkry vanuit die

balansstaat. Die banksaldo in jaar twee word bereken en is direk afhanklik van die surplus/tekort in jaar twee en is die som van  $R_1$  en  $S_1$ . Indien 'n tekort vir die eerste jaar,  $S_1$  negatief, geraam word, sal 'n oortrokke banksaldo in jaar een,  $R_1$  negatief, groter oortrokke raak in jaar twee,  $R_2 = -R_1 - S_1$ . In 'n situasie waar 'n surplus geraam word vir die eerste jaar, sal die oortrokke banksaldo kleiner word in die tweede jaar. Die geraamde surplus of tekort beïnvloed gevölglik die banksaldo van die volgende jaar.

Uit die banksaldo's bereken vir die periode (tabel 4.6.3) kan 'n tendens afgelui word wat 'n aanduiding gee van die kredietopnemer se terugbetaalingsvermoë. Indien die saldo jaarliks groter positief of kleiner negatief word ( $R_1$  tot  $R_5$  in tabel 4.6.3), word 'n positiewe tendens geïdentifiseer, wat daarop dui dat die kredietopnemer oor 'n positiewe terugbetaalingsvermoë beskik. 'n Negatiewe terugbetaalingsvermoë word geïdentifiseer indien die banksaldo groter negatief word.

#### 4.6.2.2 SURPLUS OF TEKORT

Die surplus of tekort,  $S_1$  tot  $S_5$  in tabel 4.6.3, word bereken soos skematis voorgestel in tabel 4.6.1. Die geraamde surplus of tekort vanaf die tweede jaar word beïnvloed deur die totale faktorkoste en die kapitaal-

delging wat kan wissel. Veranderinge wat binne hierdie twee komponente voorkom kan toegeskryf word aan rentekoste wat verander en verpligte kapitaaldelgings wat mag voorkom.

Indien 'n surplus vir elk van die simuleringsperiodes geraam word, kan afgelei word dat die kredietopnemer oor 'n positiewe terugbetalingsvermoë beskik.

#### 4.6.2.3 SOLVABILITEIT

Die solvabiliteitsverhouding van jaar een, So1 in tabel 4.6.3, is bereken vanuit die balansstaat wat opgestel is vanaf die inventaris wat die kredietopnemer beskikbaar stel met die aansoek om krediet. Die kredietverskaffer moet 'n raming maak van die kredietopnemer se toekomstige finansiële krag ten einde te bepaal of die kredietopnemer kredietwaardig sal bly.

Gedurende elke simulatiejaar word gesimuleer dat kapitaalverpligtinge afgelos gaan word, wat die totale laste posisie van die onderneming verlig. Moontlik surpluses of tekorte wat ontstaan uit die simulasie kan die banksaldo gunstig of ongunstig beïnvloed en uiteindelik 'n invloed op die totale bate en laste posisie uitoefen.

Hierdie delgings en moontlike verandering in die

banksaldo word in elke simulasieperiode in ag geneem om 'n solvabiliteitverhouding, of die risikodravermoe, vir daardie periode te bereken. 'n Verbetering van die solvabiliteitverhouding dui daarop dat die kredietopnemer oor 'n positiewe terugbetalingsvermoe beskik.

#### 4.7 SAMEVATTING

Verkreeë krediet plus die bestaande verpligtinge moet uit geproduseerde inkomste betaal word, soos in paragraaf 4.1 genoem. Verpligtinge word uit surplusse vereffend en nie deur die verskuiwing van fondse vanaf een finansieringsbron (kredietrekening) na 'n ander nie, soos in paragraaf 4.4 genoem. 'n Kredietopnemer se vermoe om verpligtinge in die toekoms uit produseerde surplusse te kan nakom, word deur projekteerde inkomstestate op 'n jaarbasis gesimuleer. Die resultaat van hierdie gesimuleerde inkomste- en uitgawestate dui op die terugbetalingsvermoe van 'n kredietopnemer.

Die simulasie van die terugbetalingsvermoe van 'n kredietopnemer word gebaseer op :

- die inkomste wat geproduseer (opgewek) kan word;
- die produksiekoste om sodanige inkomste te produseer, en
- die faktorkoste en kapitaaldegingverpligting van die

onderneming.

Ten einde 'n sinvolle aanduiding te kry van die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer en daardeur die risiko aan kapitaalverliese as gevolg van kredietverskaf-fing te verlaag, moet die kredietverskaffer bestaande komponente kontroleer.

Kontrole van die faktorkoste en kapitaalverpligting word gedoen deur eerstens 'n volledige inventaris van die kredietopnemer se bates en laste te verkry. Nadat 'n vol-ledige lys van die laste bekom is, kan die jaarlikse ver-pligting verbonde aan elk las bepaal word.

Die produksiekoste verbonden aan die produksie van die bruto inkomste word beraam vanaf direkte produksiekosteramings verskaf deur die kredietopnemer. Sommige vaste koste items word vanaf die inventaris of produksiekredietaansoek verkry. Vaste koste items wat nie op hierdie wyse bekom kan word nie, kan op 'n normatiewe basis geraam word.

Die raming van die fisiese opbrengs hou vir die krediet-verskaffer die grootste risiko in in 'n geval van oor- of onderraming. Die voortbring van surplusse is nie alleen direk gekoppel aan die fisiese produksie nie; die geraamde fisiese produksie beïnvloed ook die veranderlike koste-komponent van die produksiekoste. Volgens die gestelde simulasiemodel het 'n foutiewe raming van die opbrengs-

**potensiaal ook 'n vermingvuldigingseffek op toekomstige surplusse en tekorte, omdat surplusse en tekorte oorvloei na die bankrekening en die rente op 'n oortrokke rekening gehef, of nie gehef, die surplus van 'n spesifieke jaar beïnvloed.**

**Hoofstuk vyf sal gewy word aan 'n bespreking van die uitwerking van die inkomstepotensiaalraming op die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer.**



## **HOOFSTUK VYF : DIE INVLOED VAN INKOMSTEPOTENSIAALRAMMING OP DIE TERUGBETALINGSVERMOË :**

### **5.1 INLEIDING**

Uit die vorige hoofstuk is dit duidelik dat die simulasie van die terugbetalingsvermoë van 'n kredietopnemer as kredietevalueringsinstrumente in die kredietverskaffingsproses gebruik kan word. Die terugbetalingsvermoë-simulasie word gebruik om die risiko van kredietverskaffing aan die kredietopnemer te bepaal. Die risiko ten opsigte van kredietverskaffing aan 'n kredietopnemer in die landbousektor word volgens Wentzel (1984:263) beïnvloed deur:



UNIVERSITY

OF

JOHANNESBURG

- die netto inkomste verdien;
- die wisselvalligheid van landbou-opbrengste as gevolg van onbeheerbare faktore;
- die solvabiliteit van die kredietopnemers wat verswak het as gevolg van die swak landbouthouerstoestande gedurende die tachtigerjare;
- die likiditeit van kredietopnemers, en
- die termyn van kredietverlening, wat noodgedwongen deur kredietverskaffers verleng moes word onder die droogtehulpskemas.

Die netto inkomste wat 'n kredietopnemer kan opwek het dus 'n direkte verband met die krediet wat aan die krediet-

opnemer beskikbaar gestel kan word.

## 5.2 FAKTORE WAT DIE NETTO INKOMSTE BEINVLOED

Die geprojekteerde netto inkomste word deur twee faktore beïnvloed (Moscove et al., 1985:695), naamlik:

- die volume geproduseer, en
- die produkprys.

Beide hierdie faktore is onderhewig aan onsekerheid en wel as gevolg van onbeheerbare faktore wat in die landbouproduksieproses voorkom.



### 5.2.1 PRODUKPRYS

Die produkprys in die landbousektor is nie aan die produsent aan die begin van die produksieproses bekend nie. Die produkpryse word volgens 'n produkprysscenariostelsel vasgestel waarvolgens die grootte van die nasionale oes die prys van die produk bepaal; hoe groter die oes is, hoe laer is die prys van die geproduseerde produk.

Scenarioprype vir die meeste graangewasse word aan die begin van elke seisoen neergelê. Hierdie pryscenario word gekoppel aan die grootte van die nasionale oes van 'n spesifieke kommoditeit (Werkkomitee, 1983:42). Deur hierdie pryskoppeling is daar dus breef riglyne aan die krediet-

verskaffer beskikbaar ten opsigte van pryse wat vir spesifieke produkte verwag kan word.

Vir die vleisbedryf word pryse vir 'n korter termyn, naamlik sewe dae, bepaal. Die doel met sodanige prysbepaling is om te voorkom dat die produkprys nie drasties oor die korttermyn verander nie, omdat die aanbod van vleis maklik beïnvloed word deur faktore soos vakansiedae waarop geen slagtings kan plaasvind nie. Daar word dus vir rooivleis wat op die beheerde markte bemark word, vir die korttermyn 'n boonste en 'n onderste prysgrens, die sogenaamde vloeren plafonpryse, neergele. Hierdie beleid bied aan die kredietverskaffer die geleentheid om 'n korttermynprys vir die kommoditeit te projekteer en te gebruik in die terugbetalingsvermoësimulerering.

#### 5.2.2 VOLUME GEPRODUSEER

In die akkerbouproduksieproses het 'n verandering in die volume geproduseer, met ander woorde nadat produksie alreeds in aanvang geneem het, nie 'n groot invloed op die totale koste van produksie nie. Nadat die produksieproses begin het, kan die totale volume geproduseer verander as gevolg van eksterne klimatologiese en biologiese faktore sonder dat addisionele koste-items benodig word of vrygestel word uit die produksieproses. Veranderlike koste-items wat onder hierdie kostekategorie resorteer hou

verband met die vestiging van 'n oes, naamlik: saad, kunsmis vir die vestiging van die gewas, onkruid- en plaagdodermiddels.

Sodra die produksieproses in aanvang neem en die kostes aangegaan is, kan hierdie koste-items vir die spesifieke produksiesiklus as vaste koste beskou word. Hierdie koste-items is slegs vas vir die spesifieke produksieseisoen omdat die produsent nie in staat is om van die fisiese voorrade terug te trek indien die volume geproduseer 'n verandering in die volume sou ondergaan. Voordat die produksieproses in aanvang neem, kan 'n koste-item soos saadkoste vir die vestiging van die gewas, as 'n veranderlike koste beskou word. Gestel die produsent sou om een of ander rede besluit dat die begrote opbrengspunt laer is as wat aanvanklik voor begroot is, sal dit meebring dat die plant-populasie per oppervlakte-eenheid verlaag word en gevoglik die saadkoste per oppervlakte-eenheid. Indien die gewas egter gevestig is en die opbrengsmikpunt verlaag om een of ander rede kan die saadkoste nie meer verlaag word nie omdat die gewas alreeds fisies gevestig is. Sommige koste-items word egter nog deur die volume in produksie beïnvloed, soos oes-, verpakking-, en seisoenarbeidkoste.

Anders as by akkerbouproduksie, het die volume wat deur 'n lewendehawevertakking geproduseer word 'n invloed op die totale veranderlike koste van produksie.

### 5.3 LEWENDEHAWEVERTAKKING

Die lewendehawevertakking is een van die landbousektor se hoofbronne van inkomste. Lewendehaweprodukte het in die 1986/87-seisoen 44 persent bygedra tot die bruto waarde van landbouprodukte. Die kredietverskaffer moet dus hierdie bron van inkomste deeglik evalueer in die proses waar 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid bepaal word.

Die berekening van die bruto inkomste vanaf 'n lewendehawevertakking is nie so simplisties soos in die geval van 'n akkerbouvertakking nie. Vanaf die lewendehawevertakking word nie net produkte bemark nie, van die diere aangetel word ook bemark en in die laaste instansie verhoog die waarde van diere in die bestaande kudde, soos kalwers wat opgroei tot jongbees en jongbees wat volwasse raak.

Die berekening van die bruto produksiewaarde (BPW) van 'n lewendehawevertakking word soos volg in die Landbou-ekonomiese Begrippe (1986:1) gedefinieer : "die BPW van 'n lewende hawevertakking is die totale waarde van produksie van lewendehawe-produkte plus handelsinkomste plus kapitaalverandering van die lewendehawevertakking", en word as volg voorgestel :

$$\text{BPW (Lewende hawe)} = \text{Produkinkomste} + \text{Handelsinkomste} + \text{Kapitaalverandering}$$

Elkeen van hierdie inkomstekomponente kan afsonderlik bereken word in die bepaling van die BPW van lewendehawe.

### 5.3.1 PRODUKINKOMSTE

Melk, wol, eiers, pelse en volstruisvere is produkte wat deur lewendehawevertakkings geproduseer word. Hierdie komponent van die BPW van die lewendehawevertakking is van toepassing op suiwel-, wolskaap-, pluimvee- en volstruisvertakkings.

Die berekening van die produkinkomste geproduseer deur 'n lewendehawevertakking, word op die volgende wyse gedoen (Landbou-ekonomiese Begrippe, 1986:1):

Produkinkomste = Bruto produkverkope (insluitend alle voor-, middel- en agter-skotte)

- + Versekering op produkte ontvang
- + Produkte deur huis verbruik (sluit skenkings in)
- + Produkte deur arbeid verbruik
- + Voorraad-aanpassing (eindminus beginvoorraad)

'n Verandering in die fisiese volume van hierdie geproduseerde produkte hou vir die kredietopnemer, en dus ook vir die kredietverskaffer verreikende gevolge in. Die veranderlike koste per eenheid geproduseer verander nie namate die produksie toeneem of afneem nie. Die totale vaste koste

verander egter namate die produksie verander (Moscove et al., 1985:277).

'n Verandering in die fisiese produksievlekke bring 'n ooreenstemmende verandering in die terugbetaalingsvermoë van die kredietopnemer mee. Dit is derhalwe nodig dat die fisiese opbrengsvlek in die terugbetaalingsvermoëmodel so realisties as moontlik geraam moet word.

### 5.3.2 HANDELSINKOMSTE

'n Handelsinkomste vanaf die lewendehawevertakking word opgewek uit die verkoop van diere, dit wil se aanteeldiere en diere wat as gevolg van die vervangingsbeleid van die produsent gedurende 'n produksiejaar beskikbaar is. Die berekening van die handelsinkomste vind op die volgende wyse plaas (Landbou-ekonomiese Begrippe, 1986:1):

$$\begin{aligned} \text{Handelsinkomste} &= \text{Lewendehaweverkope} \\ &\quad + \text{Lewende hawe geslag vir huis} \\ &\quad \quad (\text{sluit skenkings in}) \\ &\quad + \text{Lewende hawe geslag vir arbeid} \\ &\quad + \text{Versekerings ontvang op lewende hawe} \\ &\quad + \text{Ander direkte ontvangste (produkte uitgesluit)} \\ &\quad - \text{Lewendehawaankope} \end{aligned}$$

Die handelsinkomste wat gerealiseer word, word deur drie

**komponente beïnvloed, naamlik die aantal diere verkoop, die massa van elke dier verkoop en die verkoapprys per massa-eenheid.**

Hierdie komponente speel 'n belangrike rol in die bepaling van die inkomstepotensiaal van 'n kredietopnemer. Die aantal diere verkoop en die massa per dier verkoop word in 'n groot mate beïnvloed deur die kredietopnemer se bestuursvaardigheid. Die bestuursvaardigheid van 'n produsent weer-spieël die wyse waarop beheerbare faktore so gemanipuleer word dat hierdie faktore 'n positiewe invloed op die onderneming uitoefen.

Die aantal diere bemark uit 'n kudde word beïnvloed deur die kalf- of lampersentasie van daardie kudde. Die kalf- of lampersentasie dien as 'n maatstaf vir die kredietopnemer se vermoë om die kudde so te bestuur dat 'n hoë reproduksiesyfer bewerkstellig word.

### **5.3.3 KAPITAALVERANDERING**

Kapitaalverandering dui op die toe- of afname in die waarde van die produksiekudde. Sodanige verandering kan enersyds die gevolg wees van 'n toename in fisiese getalle, en andersyds die gevolg wees van 'n verhoging in die waarde per dier in die kudde.

Die berekening van die kapitaalverandering vind op die

volgende wyse plaas (Landbou-ekonomiese Begrippe, 1986:1) :

- Kapitaalverandering = Eindwaarde van lewende hawe  
+ Verskuiwings (uit) na ander lewendehawevertakking (interne oordragte)  
- Beginwaarde van lewende hawe  
- Verskuiwings (in) vanaf ander lewendehawevertakkings (interne oordragte)

Die kredietverskaffer bepaal nou uit welke bron die kapitaalverandering 'n bydrae tot die lewendehawevertakking se BPW gemaak het. Die eindwaarde van die kudde kan om twee redes hoër wees; die status en gevolglik waarde van die diere kan verander, kalwers kan tot jongbees en jongbœs tot volwasse diere opgegroei het, of diere wat as deel van die handelsinkomste bemark kon word, is nie bemark nie en is nog deel van die kudde.

#### 5.3.4 FAKTORE WAT DIE BRUTO PRODUKSIEWAARDE VAN 'n LEWENDEHAWEVERTAKKING BEINVLOED


'n Aantal beheerbare, matig beheerbare en onbeheerbare faktore moet deur die kredietverskaffer in ag geneem word by die evaluering van 'n kredietopnemer se terugbetaalingsvermoë vanaf lewendehawevertakkings.

Die belangrikste onbeheerbare faktore wat die kredietopnemer in sy strewe na inkomste-opwekking stem, is:

- produkpryse, en

- insetpryse.

In die lewendehaweproduksieproses kan die produsent nie 'n invloed uitoefen op die prys wat vir die produk realiseer nie. Produkpryse word in die Republiek van Suid-Afrika op 'n makrovlak volgens die bemarkingsraadstelsel bepaal. Onder hierdie stelsel word produkpryse bepaal volgens 'n gesimuleerde makro-vraag-aanbodsituasie vir 'n spesifieke kommoditeit. Die produsent het aan die ander kant ook geen beheer oor die prys van produksie-insette nie. Die indeks van alle boerderybenodighede, met 1975 as basisjaar, het in 1986 gestyg tot 448,2 indekspunte (Kortbegrip, 1988:98).



Beheerbare faktore (sommige meer as ander) wat die produsent se inkomste kan beïnvloed is die volgende: die produksiestelsel, die aantal lewendehawe-eenhede of grootvee-eenhede (GVE) gedra per oppervlakte eenheid en die tipe lewende hawe wat in die produksieproses gebruik is. Hierdie beheerbare faktore se invloed op die produksieproses word vir 'n spesifieke vertakking gemeet in fisiese doeltreffendheidsmaatstawe.

Fisiese doeltreffendheidsmaatstawe waarop die kredietverskaffer in die evaluering van die terugbetaalingsvermoë van die kredietopnemer moet let, is die volgende: kalf- of lampersentasie, speenmassa van die aanteel (kalwers of

lammers), liter melk geproduseer per koei in 'n melkstal en die interkalf- of lamperiode van die koeie/ooie. Elk van hierdie doeltreffendheidmaatstawe beïnvloed die geproduseerde volume en gevvolglik die netto geproduseerde inkomste.

#### 5.4 AKKERBOUVERTAKKING

Die akkerbouvertakkking is die landbou sektor se ander hoofbron van inkomste. Akkerbouprodukte het in die 1986/87-seisoen 38 persent bygedra tot die bruto waarde van landbouprodukte. Die kredietverskaffer moet dus ook hierdie bron van inkomste deeglik evalueer in die proses waartydens 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid bepaal word.

Die bruto produksiewaarde (BPW) van 'n kontantgewasvertakkking is die totale waarde van die produksie van die vertakkking en bestaan uit die bemarkbare opbrengs wat die volgende verteenwoordig (Landbou-ekonomiese Begrippe, 1986:2):

$$\begin{aligned} \text{BPW (Akkerbouprodukte)} &= \text{Bruto verkope (insluitende alle voor-, middel- en agterskotte)} \\ &+ \text{Versekerings ontvang as gevolg van gewasverliese} \\ &+ \text{Produkte deur huisverbruik (sluit skenkings in)} \\ &+ \text{Arbeidsverbruik} \\ &+ \text{Voorraadaanpassing (eind- minus beginvoorraad)} \end{aligned}$$

Die bepaling van die waarde van die bruto verkope is die belangrikste komponent in die berekening van 'n akkerbouvertakking se netto inkomste. Alhoewel die ander bronne nie gefignoreer kan word nie, is hulle egter vanselfsprekend en voor-die-hand-liggend. Slegs bruto verkope sal verder bespreek word.

#### 5.4.1 WAARDE VAN BRUTO VERKOPE

Die waarde van die bruto verkope van akkerbouprodukte word beïnvloed deur die volgende:

- die opbrengs per oppervlakte-eenheid;
- die totale oppervlakte akkerbougewasse verbou, en
- die produkprys per opbrengseenheid.

Die opbrengs per oppervlakte-eenheid vermenigvuldig met die oppervlakte per akkerbouvertakking dui op die totale fisiese volume van 'n produk verbou binne die spesifieke vertakking. Deur die prys te koppel met die totale volume geproduseer, word die bruto waarde van produksie soos volg bereken:

$$\text{Volume geproduseer} = \text{Opbrengs/oppervlakte-eenheid} \times \text{Oppervlakte bewerk}$$

**Bruto verkope = Volume geproduseer X Prys/opbrengseenheid**

#### **5.4.2 OPPERVLAKTE BEWERK**

'n Kredietverskaffer sal homself daarvan moet vergewis dat die inventaris waarop data by die kredietopnemer ingewin word, daarvoor voorsiening maak dat die oppervlaktes wat bewerk word, aangetoon kan word. Die totale oppervlakte droëlande, dit is droëlande eiendom, droëlande gehuur en droëlande om 'n deel bewerk, moet balanseer met die kredietopnemer se produksieplan vir die seisoen. Tydens die kontrolering van die produksieplan moet in gedagte gehou word dat die reënval in die grootste gedeelte van die Republiek van Suid-Afrika te laag is om in een produksieseisoen meer as een graanoes op dieselfde oppervlakte droëlande te kan verbou. Die oppervlakte waarop kontant-gewasse verbou word, moet ook gesuiwer word van die oppervlaktes wat vir voerproduksie vir die lewendehawevertakings aangewend word.

#### **5.4.3 OPBRENGS PER OPPERVLAKTE-EENHEID**

Die tweede komponent wat die volume van produksie beïnvloed is die opbrengs per oppervlakte-eenheid, aangedui in ton per hektaar (t/ha). Hierdie komponent het, soos die fisiese doeltreffendheidsmaatstawe by die lewendehawevertakkings, 'n vermenigvuldigende invloed op die geproduseerde volume en die geraamde inkomste van die kredietopnemer.

#### 5.4.4 PRODUKPRYS

Die netto inkomste van die akkerbouvertakkings, soos by die lewendehawevertakkings, word beïnvloed deur beheerbare en onbeheerbare faktore. Die onbeheerbare faktore is eerstens die klimaat, dit wil se reënval, temperatuurskommelinge, hael en wind, en tweedens die prys van die produk per opbrengseenheid. Die prysse van akkerbouprodukte kan om dieselfde redes as die van lewendehaweprodukte (in paraagraaf 5.3.4) onbeheerbaar beskou word.

#### 5.4.5 DIE INVLOED VAN DIE GEPRODUSEERDE VOLUME OP DIE TERUGBETALINGSVERMOË



'n Verandering in die fisiese volume van die geproduseerde produkte hou vir die kredietopnemer, en dus vir die kredietverskaffer, verreikende gevolge in. Nie slegs die inkomste verdien nie, maar ook die koste aan produksie, word beïnvloed deur 'n verandering in die geproduseerde volume.' Die veranderlike koste per bewerkte oppervlakte-eenheid bly konstant namate die bewerkte oppervlakte toe- of afneem. Die vaste koste per bewerkte oppervlakte-eenheid verander egter namate die bewerkte oppervlakte verander (Moscove et al., 1985:277).

Indien die akkerbouproduksieproses eers aan die gang is,

kan die veranderlike koste per opbrengseenheid as vaste koste beskou word. Slegs oes-, kontrakarbeid- en verpakkingsmateriaalkoste word nog beïnvloed deur die opbrengs per oppervlakte eenheid.

'n Verandering in die fisiese produksievlake, het sy hoë of laer, bring gevölglik 'n ooreenstemmende verandering mee in die surplus of tekort bereken in die terugbetaalingsvermoë van die kredietopnemer. 'n Oor- of onderraming van die produksievlake het in die simulasie van die terugbetaalingsvermoë van die kredietopnemer 'n dubbele vermenigvuldigende effek, soos bespreek in die beraming van die inkomste vir die eerste jaar. 'n Foutiewe raming beïnvloed egter ook die inkomste van elke geprojekteerde jaar daarna omdat die fisiese opbrengs bereken vir die eerste jaar, in die opeenvolgende jare konstant gehou word.

#### 4.4.6 MAATREËLS OM DIE FISIESE OPBRENGS TE RAAM

Die kredietverskaffer moet sorg dra dat die geraamde fisiese opbrengs per oppervlakte-eenheid realisties is. 'n Realistiese raming van die opbrengspotensiaal kan gedoen word deur:

- die fisiese leveringsgeskiedenis van die kredietopnemer te vergelyk met die geraamde produksie;
- die norm te gebruik wat bepaal is volgens 'n

groepering van redelike homogene boerderygebiede (RHB) (Scheepers et al., 1984:2), en

- die grond wetenskaplik volgens eienskappe en gedrag in produksiepotensiaalklasse te klassifiseer (Macvicar et al., 1977:1).

#### 5.4.6.1 LEWERINGSGESKIEDENIS

Die fisiese leweringsgeskiedenis van die kredietopnemer is die aangewese norm om as basis te gebruik in die inkomsteraming en derhalwe die terugbetaalingsvermoë. 'n Belangrike rede waarom hierdie norm gebruik moet word is dat die kredietopnemer se bestuurvermoë hierin weerspieël word. Hierdie norm moet egter met omsigtigheid gebruik word, 'n skewe meting kan verkry word deurdat:

- die periode waaroor die meting gedoen is nie lank genoeg is nie, langtermynklimatologiese sirklusse kom voor wat die gemiddelde langtermyn opbrengs kan beïnvloed;
- die rampdroogte van die afgelope aantal jare kan die langtermynopbrengs nadelig beïnvloed, en
- 'n verandering in die vertakkingsamestelling oor 'n tydperk die produksienorm kan beïnvloed.

#### 5.4.6.2 GEBIEDSNORM

'n Gebiedsnorm, afgelei vanaf die RHB-groepering (Schepers et al., 1984:2), kan gebruik word as 'n teoretiese langtermynopbrengspotensiaal vir 'n spesifieke akkerbougewas. Die belangrikste kenmerke wat by die bepaling van die RHB-groepering in ag geneem word is die volgende:

- die makroklimaat (reënval, temperatuur en daglig);
- die grondpatroon;
- die opbrengspotensiaal van hulpbronne, en
- die aangepaste gewasse vir die gebied.

Faktore wat hierdie norm kan beïnvloed is die volgende:

- die bestuurvermoë van die kredietopnemer word nie hierin weerspieël nie, en
- mikro-afwykings binne die breë gebiedsnorm kan op 'n boerderyeenheidsvlak voorkom.

#### 5.4.6.3 GRONDKLASSIFIKASIE

Die fisiese produksiepotensiaal van die hulpbron grond, wat 'n versamelnaam vir die natuurhulpbron landbougrond, waterbronne en klimaat is (Landbou-ekonomiese Begrippe 1986:23), word bepaal deur middel van grondklassifi-

**kasie.** Hierdie norm gee 'n teoretiese opbrengspotensiaal weer van die produksie-eenheid, sonder om die bestuurvermoë van die kredietopnemer in ag te neem. Die kredietopnemer kan egter hierdie norm gebruik in die beplanningsproses waar doelwitte gestel word.

#### 5.5 SAMEVATTING

Deur 'n kredietopnemer se kredietwaardigheid te bepaal aan die hand van sy wins-potensiaal, eerder as om die sekuriteitswaarde as basis te gebruik, word druk op die kredietverskaffer geplaas om die inkomstepotensiaal van die kredietopnemer te bepaal. Die inkomstepotensiaal bepaal die kredietopnemer se vermoë om verpligte na te kan kom.

Hierdie inkomstepotensiaal word beïnvloed deur twee veranderlikes, naamlik die volume wat geproduseer is en die prys van die produk. Die volume geproduseer word verder beïnvloed deur twee veranderlikes, naamlik die aantal produksie-eenhede beskikbaar en die fisiese produksie per produksie-eenheid.

In die landbousektor is die prys wat vir produkte behaal word normaalweg buite die beheer van die kredietopnemer en die verskaffer. Die volume lewendehaweprodukte geproduseer kan met 'n groter mate van sekerheid deur beide die partye geraam word. So word die volume produkte wat deur 'n lewendehawevertakking geproduseer word, in 'n groot mate

bepaal deur die bestuurvermoë van die kredietopnemer.

Die kredietverskaffer moet op die volgende doeltreffendheidsmaatstawwe let tydens die evaluering van die kredietopnemer se lewendehawevertakking:

- die veedrakragpotensiaal van die produksie-eenheid;
- die aanwaspersentasie, en
- die produksieprestasie, dit wil se liter melk geproduseer en speenmassa van die aanteel.

Die bestuursvermoë van die kredietopnemer by 'n akkerbouvertakking is, net soos in 'n lewendehawevertakking, ook belangrik. Daar bestaan egter fisiese beperkings ten opsigte van die produksiefaktor grond wat nie met bestuur opgehef kan word nie. Dit is dus nodig dat die kredietverskaffer bepaal wat die teoretiese produksiepotensiaal van die grond is, en dit aan die bestuursvermoë van die kredietopnemer koppel om 'n inkomsteraming te maak.

## HOOFTUK SES : GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 GEVOLGTREKKINGS

Gegewe die afwesigheid van rampe, sal boere voortaan toenemend op hul eie besluitneming aangewys wees. Die staat sal nie meer kan instaan vir onoordeelkundige en selfs foutiewe produksie- en finansieringsbesluite nie (Human, 1988:1).

Die finansiële krag van die landbou het in die laaste dekade verswak en boere is deur middel van allerlei hulpmaatreëls sterk ondersteun deur die Departement van Finansies. Hierdie ekonomiese verswakkering kan in 'n groot mate toegeskryf word aan onbeheerbare faktore, 'n laer inkomste as gevolg van die droë klimaatsiklus en 'n swakker ruilvoet as gevolg van inflasie.

Die landbouprodusent moet boerderypraktyke by hierdie veranderde omstandighede aanpas. Indien boerderypraktyke nie aangepas word by hierdie veranderde omstandighede nie, kan dit beskou word as swak bestuurpraktyke.

Kredietverskaffers het in die verlede groot klem geplaas op die sekuriteitwaarde van die kredietopnemer in die kredietverskaffingproses. Die klem op die sekuriteitwaarde met die markwaarde van landbougrond as kriterium, het meegebring dat meer krediet verleen is as wat deur die kredietopnemer,

gegewe die sake en finansiële risiko's, terugbetaal kon word (Louw, 1988:5).

Die klem in landboufinansiering het in die laaste aantal jare verskuif vanaf die sekuriteitgeorienteerde benadering in finansiering na 'n dinamiese benadering waar die bestuur- en terugbetalingsvermoë van die kredietopnemer 'n belangriker rol speel.

Die klemverskuiwing het meegebring dat groot druk op die boer geplaas word om tydige en juiste inligting aan die kredietverskaffer beskikbaar te stel. Die kredietverskaffers het eweneens die kredietkeuringsproses aangepas ten einde te verseker dat die risiko aan kapitaalverliese vir die instellings aan bande geleë word.

## 6.2 AANBEVELINGS

Die landbousektor is 'n strategies belangrike sektor in die volkshuishouding van die Republiek van Suid-Afrika. Die bydrae van die landbou, bosbou, jag en visserye gesamentlik tot die bruto binnelandse produk van die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika was in 1986 5,7 persent teenoor die 16,4 persent van die mynbou en steengroewe en die 21,8 persent van die fabriekswese (Kortbegrip, 1988:81).

Louw (1988:6) stel dat dat die volgende riglyne in landboufinansiering aandag moet ontvang:

- die bestuurvermoë moet in die moderne boerdery geïntegreer word, veral ten opsigte van die tegniese, ekonomiese en finansiële vermoeëns van die kredietopnemer;
- die kennis van die kredietopnemer en veral die kennis ten opsigte van ekonomiese en finansiële bestuur moet voortdurend uitgebrei word;
- risiko's in die landbou is 'n werklikheid, as gevolg van die variansie van die produksie as gevolg van klimaatstoestande, en daar moet voorseeing gemaak word vir die finansiering van swakke jare, en
- die terugbetaling van verpligtinge moet geskied uit winste en nie uit geleende kapitaal nie.

In 'n pro-aktiewe aksieneming sal die kredietverskaffer moet voort gaan om die kredietopnemer vanuit 'n winsgeoriënteerde benadering vir kredietwaardigheid te beoordeel. 'n Winsgeoriënteerde benadering wat gebaseer is op 'n terugbetalingsvermoësimulasimodel waarin:

- die bruto inkomste wetenskaplik geraam word;
- die produksiekoste, vaste en veranderlik koste, bereken word, en

- faktorkoste en kapitaaldeeling in ag geneem word.

Ten einde 'n wetenskaplike raming te maak van die kredietopnemer in die landbousektor se inkomstepotensiaal, sal die kredietverskaffer fasiliteite daarstel sodat:

- fisiese produksiepotensiaal bepalings vir die akkerbouvertakkings gedaan word deur middel van grondklassifikasie, en
- fisiese doeltreffendheidsnorme vir die lewendehawevertakkings neergele word waarteen die kredietopnemer gemeet word.

 UNIVERSITY  
JOHANNESBURG  
Die terugbetaalingsvermoësimulasie moet vir 'n periode langer as 'n enkel kalender jaar gemaak word en geïntegreerde totaal plaas benadering, fisies en finansieel, moet gevolg word.

Pro-aktiewe optrede moet dus vir albei partye die wagwoord in die kredietfinansieringsproses wees.

BRONNE

- 1 BARNARD, C.S. & NIX, J.S. 1979. Farm planning and control. Cambridge : Cambridge University Press.
- 2 BRANDT, L.K. 1965. Business Finance : A Management Approach. New Jersey : Prentice-Hall.
- 3 BRIGHAM, E.F. & JOHNSON, R.E. 1976. Issues in managerial finance. Illinois : Dryden Press.
- 4 BRIGHAM, E.F. 1983. Fundamentals of Financial Management. Chicago : Dryden Press.
- 5 BRIGHAM, E.F. & GAPENSKI, L.C., 1985. Financial management theory and practice. Tokyo : Dryden Press.
- 6 BUONE, L.E. & KURTZ, D.L. 1987. Management. 3rd ed. New York : Random House.
- 7 DAVIS, G.B. 1974. Management informational systems : conceptual foundations, structure, and development. Tokyo : McGraw-Hill.
- 8 DIREKTORAAT LANDBOUWPRODUKSIE-EKONOMIE. 1986. Enkele Landbou-ekonomiese Begrippe. Pretoria : Staatsdrukker.
- 9 DUFFY, N.M. & ASSAD, M.G. 1980. Information management :

an executive approach. Cape Town : Oxford University Press.

- 10 GRASS, M. 1972. Control of working capital. Essex : Gower Press.

- 11 HEADY, E.O. 1976. Economics of agricultural production and resource use. New York : Prentice-Hall.

- 12 HEADY, E.O. & DILLON, 1961. Agricultural production functions. Iowa : University Press.

- 13 HUMAN, K. 1988. Staat kan nie meer instaan vir verkeerde besluite. Boerderybylae tot Finansies & Tegniek. Finansies & Tegniek, 41(41):3, Oktober.

- 14 KAST, F.E. & ROSENZWEIG, J.E. 1986. Organization and management: a system and contingency approach. 4th ed. New York : McGraw-Hill.

- 15 MOSCOVE, S.A., CROWNINGSHIELD, G.R. & GORMAN, K.A. 1985. Cost accounting with managerial applications. Boston : Houghton Mifflin Company.

- 16 LANGHOUT, J. 1987. Analysis and interpretation of financial statements. Cape Town : S.A. Universities Press.

- 17 LOUW, A. 1988. Kredietwaardigheid : 'n kritiese suksesfaktor. Boerderybylae tot Finansies & Tegniek. Finansies & Tegniek, 41(41):5-7, Oktober.
- 18 MACVICAR, C.N., DE VILLIERS, J.M., LOXTON, R.F., VERSTER, E., LAMBRECHTS, J.J.N., MERRYWEATHER, F.R., LE ROUX, J., VAN ROOYEN, T.H. & VON M. HARMSE, H.J. 1977. Grondklassifikasie 'n binomiese sisteem vir Suid-Afrika. Pretoria : Staatsdrukker.
- 19 MURDICK, R.G. 1980. MIS : concepts and design. New York : Prentice-Hall.
- 20 REDELINGHUIS, A., JULYAN, F.W., STEYN, B.L. & BENADE, F.J.C. 1985. Kwantitatiewe metodes vir bestuursbesluitneming. Durban : Butterworth.
- 21 SCHEEPERS, J.J., SMIT, J.A. & LUDICK, B.P. 1984. 'n Evaluasie van die landboupotensiaal van die Hoëveld-streek in terme van droëlandgewasverbouing en veeproduksie. Pretoria : Staatsdrukker.
- 22 VAN HORNE, J.C. 1977. Fundamentals of financial management. London : Prentice-Hall.
- 22 VAN HORNE, J.C. 1983. Financial management and policy. London : Prentice-Hall.